CAPS

maskew miller learning



GRAAD 3 ONDERWYSERSGIDS

# Platinum

## Lewensvaardigheid

L. Moodley • L. Shaw • C. Gleeson-Baird • Z. Mahomed

Platinum Lewensvaardigheid Graad 3 Onderwysersgids

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word, in 'n inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie publikasie te reproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerapporteer word deur 'n e-pos te stuur aan copyright@mml.co.za.

Xde uitgawe 20XX

ISBN 978-1-779-83469-0
ePDF ISBN 978-1-779-89511-0

Hierdie weergawe deur: Maskew Miller Learning
Uitgewer: Allison Staals
Besturende Redakteur: Ru Bailey
Geredigeer deur: Marlene Rose
Omslagontwerp deur: MML Visual Design
Omslagkunswerk deur: MML Visual Design
Boekontwerp deur: MML Visual Design
Artwork by: MML Design Studio; Karien Barnes and Rassie Erasmus
Geset deur: JSquare Studio Pty (ltd)
Gedruk deur:

**Erkennings**
Die outeur en uitgewer bedank die volgende vir die gebruik van die prente:
p134d, seventyfour74/123RF
**Shutterstock:**
P134, asergey Kolesnikov; p134b, PeopleImages.com - Yuri A; p134c, PeopleImages.com - Yuri A; p224, Chase D'animulls; p250a, parinya wetchasan; p250b, maksin_priestess; p250c, KRPD; p250d, Real Vector; p253a, parinya wetchasan; p253b, KRPD; p253c, maksin_priestess; p253d, Real Vector; p284a, Anton Vierietin; p349, Jeroen van den Broek

# Inhoud

**Inleiding** ..... **v**
**Gebruik van die reeks** ..... **vi**
**Assessering** ..... **xxiii**

**Kwartaal 1**

**Onderwerp 1 Oor my** ..... **2**
Wat is 'n tydlyn? ..... 5
Tydlyn van my lewe ..... 6
'n Interessante voorwerp uit my verlede ..... 7
Liggaamlike Opvoeding ..... 8, 12–13
Skeppende Kunste ..... 9
Fotokopieerbare Werkblad 1 ..... 14
Remediëring ..... 15
Uitbreiding ..... 17
Memorandums ..... 19

**Onderwerp 2 Gevoelens** ..... **21**
Wat maak my gelukkig? ..... 24
Wat maak my ongelukkig? ..... 26
Hoe om gevoelens te herken ..... 28
Liggaamlike Opvoeding ..... 30
Goeie maniere om te wys hoe ons voel ..... 30
Verskoning – hoe om te sê jy is jammer ..... 32
Skeppende Kunste ..... 36–37
Remediëring ..... 38
Uitbreiding ..... 40
Memorandums ..... 42

**Onderwerp 3 Gesondheidsvoorligting** ..... **43**
Basiese noodhulp in situasies soos neusbloeding, dierbyte, snye en brandwonde ..... 47
Neusbloeding en dierbyte ..... 49
Snye en brandwonde ..... 50
Basiese gesondheid en higiëne ..... 52
Skeppende Kunste ..... 57–58
Remediëring ..... 59
Uitbreiding ..... 60
Memorandums ..... 61

**Onderwerp 4 Hou my liggaam veilig** ..... **62**
Ons is nie veilig by almal nie ..... 66
Skeppende Kunste ..... 67–68, 70, 81
Reëls om my liggaam veilig te hou ..... 68
Vertrou jou "ja"- en "nee"-gevoelens ..... 71
Hoe om "NEE" te sê vir enige vorm van mishandeling ..... 74
Hoe om iemand van mishandeling te vertel ..... 75
Liggaamlike Opvoeding ..... 79, 81
Remediëring ..... 82
Uitbreiding ..... 84
Memorandum ..... 85

**Onderwerp 5 Regte en verantwoordelikhede** ..... **86**
Liggaamlike Opvoeding ..... 89, 99
Leerders se regte en verantwoordelikhede ..... 91
Regte en verantwoordelikhede by die huis ..... 92
Regte en verantwoordelikhede by die skool ..... 93
Regte en verantwoordelikhede in ons gemeenskap ..... 94
Regte en verantwoordelikhede in die omgewing ..... 96
Godsdienstige en ander spesiale dae ..... 98
Skeppende Kunste ..... 103
Legkaarttemplaat ..... 104
Remediëring ..... 105
Uitbreiding ..... 107
Memorandums ..... 110
Formele assessering Kwartaal 1 ..... 111
Formele assessering Kwartaal 1: Memorandum ..... 113
Assesseringsrubrieke Kwartaal 1 ..... 115–117

**Kwartaal 2**

**Onderwerp 6 Gesonde eetgewoontes** ..... **118**
Voedselgroepe ..... 123
Vitamiene – groente en vrugte ..... 125
Skeppende Kunste ..... 126
Koolhidrate – brood, mielies, mieliemeel ..... 127
Proteïene – eiers, boontjies, vleis, neute ..... 129
Suiwel – melk, kaas, jogurt ..... 130
Liggaamlike Opvoeding ..... 132, 134, 136
'm Gebalanseerde dieet ..... 133
Skeppende Kunste ..... 136
Fotokopieerbare werkblaaie ..... 137
Remediëring ..... 141
Uitbreiding ..... 143
Memorandums ..... 145

**Onderwerp 7 Insekte** ..... **147**
Eienskappe van 'n insek ..... 151
Verskillende insekte – 'n vlieg, muskiet, mier, besie ..... 154
Skeppende Kunste ..... 155
Hoe insekte ons help ..... 156
Party insekte kan skadelik wees vir ons ..... 159
Skadelike insekte ..... 159
Liggaamlike Opvoeding ..... 161–162, 165–166
Skeppende Kunste ..... 163–165
Woordeskat ..... 167
Remediëring ..... 168
Uitbreiding ..... 170
Memorandums ..... 172



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indd 3 2025/09/25 10:50

**Onderwerp 8 Lewensiklusse** . . . . . . . . . . . . . . **173**
Wat is 'n lewensiklus? . . . . . . . . . . . . . . . . . 177
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . 179, 187
Lewensiklus van amfibieë (padda) . . . . . . . 180
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . 182, 189
Lewensiklus van 'n voël (hoender) . . . . . . . 182
Lewensiklus van 'n hoender . . . . . . . . . . . . 183
Remediëring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 190
Uitbreiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 191
Memorandums . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 193

**Onderwerp 9 Herwinning** . . . . . . . . . . . . . . . . **194**
Wat gebeur met ons afval? . . . . . . . . . . . . . 198
Hergebruik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 199
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . 201, 215–216, 217
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . 201, 216
Herwinning . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 202
Vermindering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 203
Items wat nie herwin kan word nie . . . . . . . 205
Herwinning by die huis en by die skool . . . 206
Maak kompos uit dinge wat verrot . . . . . . . 207
Hergebruik water . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 209
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . 210
Remediëring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 218
Uitbreiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 220
Memorandums . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 222
Formele assessering Kwartaal 2 . . . . . . . . . 223
Formele assessering Kwartaal 2: Memorandum . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 227
Assesseringsrubrieke Kwartaal 2 . . . . . 229–231

**Kwartaal 3**

**Onderwerp 10 Openbare veiligheid** . . . . . . . . . **232**
Gevaarlike plekke om te speel . . . . . . . . . . . 236
Hoe om veilig met treine en taxi's te ry . . . . . . 240
Die gevare van elektrisiteit . . . . . . . . . . . . . 242
Giftige en vlambare stowwe . . . . . . . . . . . . 243
Tekens wat ons teen gevaar waarsku . . . . . . 245
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . 248
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 249
Remediëring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 250
Uitbreiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 251
Memorandums . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 253

**Onderwerp 11 Besoedeling** . . . . . . . . . . . . . . . . **254**
Wat is besoedeling? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257
Verskillende soorte besoedeling – lug, water, grond, geraas . . . . . . . . . . . . . . . . . . 258
Uitwerking van besoedeling op mense . . . . 260
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 261
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . 265
Woordeskat . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 266
Remediëring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 268
Uitbreiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 270
Memorandums . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 274

**Onderwerp 12 Leefwyses uit die verlede** . . . . . . **275**
Stories en ervarings van ouer familie- en gemeenskapslede . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 279
Voorwerpe wat deur ouer familie- en gemeenskapslede gebruik is . . . . . . . . . . . . 281
Prente en foto's van lank gelede . . . . . . . . . 282
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . 282, 285–286
Hoe mense toe en nou geleef het . . . . . . . . . 283
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . 284
Remediëring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 287
Uitbreiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 288
Memorandums . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 289

**Onderwerp 13 Ruimte** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . **290**
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 293
Aarde vanuit die ruimte . . . . . . . . . . . . . . . 294
Sterre en planete – wat dit is . . . . . . . . . . . 296
Die planete se name . . . . . . . . . . . . . . . . . . 297
Teleskope . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 298
Ruimtereise . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 298
Satelliete en die inligting wat ons kry . . . . . 301
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . 303
Formele assessering Kwartaal 3 . . . . . . . . . 307
Formele assessering Kwartaal 3: Memorandum . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 308
Assesseringsrubrieke Kwartaal 3 . . . . . 309–311

**Kwartaal 4**

**Onderwerp 14 Produkte en prosesse** . . . . . . . . **312**
Wat kry ons van plante? . . . . . . . . . . . . . . . 315
Die proses van suikerriet tot suiker . . . . . . . 316
Wat kry ons uit die aarde? . . . . . . . . . . . . . 317
Die proses van klei tot bakstene . . . . . . . . . 318
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 319
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . 320

**Onderwerp 15 Rampe en wat ons behoort te doen** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . **321**
Soorte rampe: Vloede . . . . . . . . . . . . . . . . . 324
Soorte rampe: Brande . . . . . . . . . . . . . . . . . 326
Ander verskynsels: Weerlig . . . . . . . . . . . . . 327
Ander verskynsels: Aardbewings . . . . . . . . . 328
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 329
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . 331
Remediëring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 332
Memorandums . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 333

**Onderwerp 16 Diere en kreature wat ons help** . . . **334**
Diere wat vir ons kos en klere gee . . . . . . . 338
Diere wat vir ons kos en klere gee . . . . . . . 340
Diere wat vir ons werk (honde) . . . . . . . . . 341
Diere wat vir ons werk (donkies en perde) . . 342
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . 343
Liggaamlike Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . 346
Skeppende Kunste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 347
Formele assessering Kwartaal 4 . . . . . . . . . 349
Formele assessering Kwartaal 4: Memorandum . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 350
Assesseringsrubrieke Kwartaal 4 . . . . . 351–353



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 4 2025/09/25 10:50

Beste Onderwyser

Wanneer jy elke dag in jou klaskamer instap, stap jy nie bloot net in 'n ruimte met lessenaars en handboeke in nie. Jy betree 'n ruimte waar die toekoms gevorm word en nuwe moontlikhede ontstaan. Jy het 'n wonderlike geleentheid om die toekomstige leiers, innoveerders en baanbrekers te inspireer, te lei en te koester. Deur jou passie te deel, doen jy veel meer as om net onderrig te gee – jy plant die sade van vriendelikheid, moed, respek en ubuntu in elke jong hart.

Ons verstaan dat dit nie altyd maklik is nie. Die uitdagings van onderwys, veral in gebiede met min hulpbronne, kan soms oorweldigend wees. Maar met elke uitdaging wat jy hanteer, maak jy 'n daadwerklike verskil. Jy wys vir jou leerders dat hulle potensiaal sonder perke is, dat hulle gesien en gewaardeer word, en dat hulle groot dinge kan bereik.

Dit is waarom ons onderrighulpbronne daar is om jou te ondersteun. Hierdie hulpbronne is met KABV-doelwitte in gedagte ontwerp, en hulle fokus op inklusiwiteit en om 'n leeromgewing daar te stel waar elke kind kan sien dat hulle verteenwoordig word. Die prente, stories en lesse weerspieël die diversiteit van ons plaaslike konteks en help elke leerder om te voel dat hulle in jou klaskamer hoort.

En ons het nie van jou vergeet nie. Jou welstand is net so belangrik as die sukses van jou leerders. Ons het selfsorg-hulpmiddels ingesluit om jou gemotiveerd en gesond te hou omdat ons weet dat wanneer jy goed voel, floreer jou klaskamer. Jou geluk beïnvloed nie net jou onderrigvermoë nie, maar ook die verhoudings wat jy bou met jou leerders, wat hoop en inspirasie by jou soek.

Terwyl Suid-Afrika voortgaan met die implementering van die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (BELA), wat in 2024 onderteken is, word die missie om 'n regverdiger en meer inklusiewe onderwysstelsel te skep al hoe sterker. Jou rol in hierdie missie is noodsaaklik, en jou begrip van die KABV en BELA verseker dat jou klaskamer 'n plek is waar leerders goed op sukses voorberei word.

Jy is 'n kragtige bron van positiewe verandering, en die verskil wat jy in jou klaskamer maak, is groter as wat jy dink. Jy moet weet dat wanneer jy onderrig gee, lei jy nie net jou leerders nie; jy vorm die toekoms van ons gemeenskappe, ons land en die wêreld.

Dankie vir alles wat jy doen!




9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 5 2025/09/25 10:50

## Hoe om hierdie reeks te gebruik

Welkom by Lewensvaardigheid graad 3! Hierdie reeks bestaan uit 'n Leerderboek en 'n Onderwysersgids wat doeltreffende leer van Lewensvaardigheid in graad 3 bevorder. Lewensvaardigheid in graad 3 is in ooreenstemming met die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) se riglyne geskryf. Wanneer jy hierdie reeks gebruik, kan jy dus seker wees dat die kurrikuluminhoud ten volle gedek word.

Lewensvaardigheid is ontwikkel om veral op die volgende maniere aan die KABV vir Lewensvaardigheid te voldoen:






9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 6 2025/09/25 10:50

## Hoe om die Onderwysersgids en die Leerderboek te gebruik

Elke kwartaal se kleur help jou om deur die Leerderboek te werk sodat jy weet aan watter kwartaal jy werk.

Elke inhoudarea het ook ’n kleur sodat jy maklik kan sien watter vaardigheid op daardie dag of in daardie week gedek word. Die begin van elke onderwerp sit die uitkomste, kritiesedenke-vrae, die SKAVS (vaardighede, kennis, houdings en waardes), aanvangskennis, assesserings en voorgestelde hulpbronne uiteen.

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | |
| **Uitkomste** | |
| **Kritiesedenke-vrae** | |
| **SKAVS (vaardighede, kennis, houdings en waardes)** | |
| **Aanvangskennis** | |
| **Assessering** | |
| **Hulpbronne** | |

## Elke onderwerp word dan verduidelik ten opsigte van die volgende:

### Die onderrigmetodologie of -strategie, insluitende:

- leiding vir die inkorporering van inklusiwiteit en diversiteit
- beklemtoning van die vordering van kennis om te wys dat die verskillende kognitiewe vlakke hanteer is
- ontleding van metodes om leerders met verskillende leervermoëns te help
- hoe om ’n klaskamer op te stel wat leer deur spel aanmoedig
- “Kom ons begin”-opening vir die onderwerp
- leiding vir aktiwiteite
- leiding vir die “Wat het jy geleer?”-oefening
- formele assesserings
- fotokopieerbare werkkaarte.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 7 2025/09/25 10:50

## Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)

- Die KABV is 'n omvattende dokument wat riglyne vir beplanning, inhoud en assessering vir al die vakke in die Nasionale Kurrikulumverklaring vir graad R–12 verskaf.
- **Die jaarlikse onderrigplanne (JOP) vir Lewensvaardighede verskaf riglyne vir beplanning, inhoud en assessering in die Grondslagfase (graad R–3).**

**Die JOP vir Lewensvaardigheid ondersteun die volgende beginsels:**

- ✔ Kritiese denke
- ✔ Probleemoplossing
- ✔ Besluitneming
- ✔ Verantwoordelikheid
- ✔ Selfbewustheid
- ✔ Selfbestuur
- ✔ Persoonlike waardes
- ✔ Kulturele bewustheid
- ✔ Veerkragtigheid
- ✔ Etiek
- ✔ Diversiteit
- ✔ Burgerskap
- ✔ Respek
- ✔ Bewustheid
- ✔ Positiewe houding
- ✔ Deursettingsvermoë



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 8 2025/09/25 10:50

## TYDTOEWYSING

**Die onderrigtydtoewysing in die Grondslagfase is soos volg:**

| VAK | GRAAD R (UUR) | GRAAD 1–2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardigheid | 6 | 6 | 7 |
| • Aanvangskennis | (1) | (1) | (2) |
| • Skeppende Kunste | (2) | (2) | (2) |
| • Liggaamlike Opvoeding | (2) | (2) | (2) |
| • Persoonlike en Sosiale Welstand | (1) | (1) | (1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

**Onderrigtyd vir graad R, 1 en 2 is 23 uur per week. Vir graad 3 is dit 25 uur per week.**

**Tydtoewysing**

**Die onderrigtydtoewysing in die Grondslagfase is soos volg:**

| VAK | GRAAD R (UUR) | GRAAD 1–2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 7/8 | 7/8 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardigheid<br>• Aanvangskennis | 5<br>(1) | 5<br>(1) | 5<br>(1,5) |
| • Skeppende Kunste | (1,5) | (1,5) | (1,5) |
| • Liggaamlike Opvoeding | (1,5) | (1,5) | (1) |
| • Persoonlike en Sosiale Welstand | (1) | (1) | (1) |
| Kodering en Robotika | (1) | (1) | (2) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

**Tydtoewysing vir Lewensvaardigheid-leerareas**

| Graad R–2 | | Totale tydtoewysing per kwartaal | Graad 3 | | Totale tydtoewysing per kwartaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand | 2 uur per week | 50 uur | Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand | 2,5 uur per week | 50 uur |
| Skeppende Kunste | 1,5 uur per week | | Skeppende Kunste | 1,5 uur per week | |
| Liggaamlike Opvoeding | 1,5 uur per week | | Liggaamlike Opvoeding | 1 uur per week | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 9 2025/09/25 10:50

# TEMPLAAT VIR LESPLANVOORBEELD

| |
|---|
| Datum: |
| Graad: |
| Vak: Lewensvaardigheid |
| Inhoudareas: |
| Lesonderwerp: |
| Tydsduur van les: |
| KABV-bladsynommer: |
| Getal leerders in klas: |

| |
|---|
| **Vorige leer/aanvangskennis:** |
| **Leerdoelwitte:**<br>Teen die einde van die les/leerervaring behoort die leerders:<br><br>**Kennis:**<br><br>**Vaardighede:**<br><br>**Waardes/houdings:** |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 10 2025/09/25 10:50

| |
|---|
| **Assessering:** |
| **Hulpbronne:** |
| **Lesfases:** (kerninhoud, aktiwiteite, onderrigbenaderings)<br><br>**Inleiding:**<br><br>**Ontwikkeling:**<br><br>**Konsolidering:** |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 11 2025/09/25 10:50

## Diversiteit, gelykheid en insluiting

In hierdie afdeling wil ons hê jy moet aan jou eie klaskamer dink. Dink aan die leerders wat voor jou sit – elkeen met hulle eie storie, ervarings en uitdagings. Onthou nou ’n tyd toe een van jou leerders gesukkel het, dalk met ’n moeilike konsep of iets buite die skool wat ’n invloed op hulle leervermoë gehad het. Wat het jy op daardie oomblik gedoen? Hoe het jy uitgereik, hulle laat voel jy sien hulle raak en hulle deur die probleem gelei?

Jou klaskamer is vol van hierdie soort diversiteit – nie net in agtergrond nie, maar ook in behoeftes en vermoëns. Daar is nog steeds geweldige ongelykhede in ons land, hetsy ekonomies, ten opsigte van ras of maatskaplik, en hierdie ongelykhede verskyn dikwels in jou klaskamer. En tog is dit juis in die hartjie van die klaskamer waar verandering plaasvind. As onderwyser speel jy ’n noodsaaklike rol om te verseker dat elke kind sukses kan behaal, ongeag waarvandaan hulle kom of watter hindernisse hulle moet hanteer.

Inklusiwiteit en diversiteit is die kern van die KABV. Dit gaan nie net oor die onderrig van die kurrikulum nie, maar ook oor die herkenning van elke leerder se eiesoortige potensiaal en om hulle te help om sukses te behaal. Ons verstaan dat dit nie altyd maklik is nie. Die uitdagings in talle skole is ’n werklikheid, en jy as ’n onderwyser is in die beste posisie om dit te hanteer.

Dit is waarom ons leer- en onderrighulpbronne ontwerp is om jou te ondersteun. Dit weerspieël die plaaslike konteks en wys aan leerders ’n wêreld wat hulle herken in die oefeninge, aktiwiteite en assesserings wat hulle doen. Hierdie materiaal neem die verskeidenheid ervarings en vermoëns in jou klaskamer in ag. Dit gee jou die gereedskap om inklusief te wees en elke leerder te ondersteun, ongeag hulle agtergrond.

Deur hierdie hulpbronne te gebruik, onderrig jy nie net die vakinhoud nie, maar ontmoet jy die leerders waar hulle is, herken jy waarmee hulle sukkel en help jy hulle om die hindernisse te oorkom. Sodoende bewerkstellig jy ’n beter toekoms vir elke kind, vir jou gemeenskap, en vir Suid-Afrika.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 12 2025/09/25 10:50

In hierdie reeks fokus ons op 10 belangrike kategorieë van diversiteit, wat sorgvuldig gekies is om 'n breë en inklusiewe verteenwoordiging van verskillende identiteite, perspektiewe en ervarings te verseker.

**Tabel 1: Soorte diversiteit**

| Diversiteitskategorie | Definisie | Dekking in die boek |
|---|---|---|
| 1. **Kulturele en etniese diversiteit** | Dit verwys na die verteenwoordiging van verskeie kulturele en etniese agtergronde wat verseker dat leerders aan verskillende perspektiewe en tradisies blootgestel word. | Ons het karakters, skrywers en historiese figure uit diverse kulturele agtergronde ingesluit. Stories en voorbeelde inkorporeer 'n verskeidenheid tradisies, gebruike en tale. Dit help leerders om kulturele rykheid te waardeer en ontmoedig stereotipering deur gebalanseerde sienings oor historiese en eietydse kwessies uit te beeld. |
| 2. **Genderdiversiteit** | Genderdiversiteit verwys na die verteenwoordiging van alle geslagte en sluit gesprekke oor genderrolle, niebinêre identiteite en gendervloeibaarheid in. | Jy sal oplet dat alle genders ewe veel verteenwoordig word in die teks, illustrasies en voorbeelde. Ons het niebinêre en gendervloeibare karakters ingesluit, saam met aktiwiteite wat tradisionele geslagsrolle uitdaag. Seuns en meisies word byvoorbeeld albei uitgebeeld in uiteenlopende loopbaanpaaie – van help in die kombuis tot wetenskap en die kunste, wat geslagsgelykheid bevorder. |
| 3. **Sosio-ekonomiese diversiteit** | Dit behels dat mense uit verskillende ekonomiese agtergronde voorgestel word en dat kwessies van ekonomiese ongelykheid bespreek word. | Ons sluit karakters uit verskeie sosio-ekonomiese agtergronde in en beklemtoon die uitdagings soos toegang tot onderwys, gesondheidsorg en hulpbronne. Dit stel leerders bloot aan werklike voorbeelde en stimuleer gesprekke wat diverse ekonomiese situasies weerspieël en die inhoud vir almal toeganklik maak. |
| 4. **Taaldiversiteit** | Taaldiversiteit beteken dat veelvuldige tale ingesluit word en dat die verskeie dialekte wat deur verskillende gemeenskappe gepraat word, gerespekteer word. | Jy sal inhoud vind waarin veelvuldige tale gebruik word om leerders aan te moedig om verskillende dialekte te respekteer. Ons het ook voorbeelde ingesluit wat die belangrikheid van vertaling en tolking beklemtoon, veral in 'n wêrelddorp, en leerders voorberei om meer inklusief te kommunikeer. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 13 2025/09/25 10:50

| Diversiteitskategorie | Definisie | Dekking in die boek |
|---|---|---|
| 5. **Gestremdhede en toeganklikheid** | Dit fokus op die verteenwoordiging van mense met gestremdhede en die hantering van hindernisse vir toeganklikheid. | Karakters met gestremdhede is ingesluit, en hulle word by stories en aktiwiteite betrek. Ons bespreek ook kwessies van toeganklikheid, hetsy fisies, tegnologies of maatskaplik, en gebruik inklusiewe, mens-eerste taal. Dit skep 'n meer aanvaardende omgewing vir alle leerders en moedig empatie en begrip aan. |
| 6. **Seksuele oriëntasie en insluiting van LGBTQ+** | LGBTQ+ staan vir Lesbies, Gay, Transgender, Queer of Questioning, en ander. Die "+" verteenwoordig inklusiwiteit van ander seksuele oriëntasies, genderidentiteite en uitdrukkings buiten dié wat eksplisiet gelys word, soos niebinêre, panseksuele, aseksuele en gendervloeibare individue.<br>Hierdie term word gebruik om 'n breë spektrum van seksuele en genderidentiteite te omvat, wat aanvaarding en inklusiwiteit vir almal bevorder. | LGBTQ+-gesinstrukture word regdeur die boeke verteenwoordig en bied 'n alternatiewe perspektief. Ons het voorbeelde en scenario's, sowel as gesprekke oor diskriminasie, ingesluit wat LGBTQ+-kwessies en -regte ondersoek. Dit help leerders om diversiteit in seksuele oriëntasie te verstaan en te respekteer. |
| 7. **Godsdienstige en geestelike diversiteit** | Dit behels dat 'n verskeidenheid godsdienstige oortuigings verteenwoordig word en dat respek vir verskillende geestelike praktyke bevorder word. | Ons boeke bevat inhoud wat leerders aan verskillende godsdienste en geestelike praktyke bekendstel. Ons het ook tussengeloofgesprekke aangemoedig om te help om respek en begrip oor verskillende geloofstelsels heen te kweek. Sekulêre perspektiewe word ook ingesluit, wat verseker dat alle geloofstelsels gerespekteer en regverdig verteenwoordig word. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indd 14 2025/09/25 10:50

| Diversiteitskategorie | Definisie | Dekking in die boek |
|---|---|---|
| 8. **Ouderdomsdiversiteit** | Ouderdomsdiversiteit behels dat mense van verskillende ouderdomsgroepe ingesluit word en dat kwessies rondom ouer word bespreek word. | In die boeke is daar karakters en voorbeelde wat van jong kinders tot bejaardes strek. Ons beklemtoon die belangrikheid van verhoudings tussen geslagte, en bespreek ook ouderdomverwante onderwerpe soos aftrede en ouderdomsdiskriminasie. Dit help die leerders om die waarde van elke ouderdomsgroep in die samelewing te waardeer. |
| 9. **Geografiese diversiteit** | Geografiese diversiteit verteenwoordig mense en kwessies uit verskillende streke en omgewings, wêreldwyd en plaaslik. | Hierdie boek sluit inhoud uit verskillende streke oor die wêreld heen in en hanteer wêreldwye en plaaslike kwessies wat vir die leerders ter sake is. Ons het ook gebalanseerde voorbeelde uit stedelike en landelike omgewings ingesluit, wat die eiesoortige uitdagings en voordele van elke omgewing uitbeeld. |
| 10. **Kognitiewe en leerdiversiteit** | Dit verwys na die hantering van verskillende leerstyle, vermoëns en kognitiewe verskille soos neurodiversiteit. | Ons het kognitiewe en leerdiversiteit ingesluit deur 'n verskeidenheid onderrigmetodes te inkorporeer wat vir verskillende leerstyle voorsiening maak. Aktiwiteite is ontwerp om 'n wye verskeidenheid leerbehoeftes te ondersteun, wat 'n inklusiewe leeromgewing bevorder. Ons het ook vinnige voorafassesserings ingesluit wat jou kan help. |

## Skep 'n inklusiewe en diverse klaskamer

Hierdie Onderwysersgids is met inklusiwiteit, diversiteit en gelykheid in gedagte ontwerp. Dit verskaf hulpbronne wat jou ondersteun om 'n inklusiewe leeromgewing en -stelsel te skep om die 10 belangrike kategorieë van diversiteit in Tabel 1 hier bo te dek.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indd 15 2025/09/25 10:50

## Diversiteit in die klaskamer

As ’n onderwyser is jou rol om te verseker dat jou klaskamer ’n ruimte is waar leer, lag en respek bymekaarkom. Hier is 10 strategieë wat jy kan gebruik om dinge vir jou leerders prettig, veilig en positief te hou:

1. **Skep ’n veilige ruimte:** Maak seker jou klaskamer is ’n plek waar die leerders fisies, emosioneel en geestelik veilig voel. Moedig hulle aan om vrae te vra, nuuskierig te wees en mekaar deur portuurleer te ondersteun.
2. **Stel duidelike, opbouende reëls:** Kweek ’n omgewing van wedersydse respek en vertroue deur duidelike klaskamerreëls daar te stel. Wanneer almal weet wat verwag word, word die klaskamer ’n positiewe ruimte vir almal.
3. **Vier goeie gedrag:** Beklemtoon positiewe gedrag deur leerders te prys waar moontlik. As jy goeie gedrag aanmoedig, sal jy meer daarvan sien.
4. **Geen tergery of boeliegedrag nie:** Maak seker jou klaskamer is ’n boelievrye omgewing waar elke leerder se stem saak maak, en waar hulle gewaardeer en ingesluit voel.
5. **Respekvolle kommunikasie:** Stel ’n standaard waar almal respekvol luister en praat. Slegs een persoon praat op ’n slag, en almal luister aandagtig. Dit gaan oor spanwerk – ’n doeltreffende manier om kennis en leierskap te bou.
6. **Moedig almal aan om saam te lag:** Leerders lag saam met mekaar – nooit vir mekaar nie. Klaskamerdinamiek verbeter wanneer jy ’n gevoel van samehorigheid deur gedeelde blydskap bou.
7. **Bou spanverhoudings:** Bou sterk verhoudings tussen jou, die leerders en hulle ouers of voogde. Wanneer almal saamwerk, lei dit tot die beste uitkomste vir die leerders.
8. **Omarm verskillende leerstyle:** Onthou dat elke leerder op sy of haar eie manier leer. Ondersteun en waardeer hierdie verskille.
9. **Bevorder portuurleer:** Moedig leerders aan om by mekaar te leer. Dit bou vertroue en samewerking in jou klaskamer.
10. **Begin met portuurhulp:** Help leerders om tutors vir mekaar te wees deur hulle te lei in hoe om ander te ondersteun. Dit is ’n prettige en doeltreffende manier om kennis en leierskap te versterk.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 16 2025/09/25 10:50

## Erken elke leerder se eiesoortigheid

Dit is belangrik vir leerders om te sien dat hulle en hulle uiteenlopende ervarings in die klaskamer weerspieël word. Dit beteken dat diversiteit in fisiese voorkoms, tale, identiteite, kulture, godsdiens, geslag, seksuele oriëntasie (insluitende LGBTQ+), ouderdomme en kognitiewe vermoëns getoon word. Ons boeke bevat karakters uit verskillende agtergronde om hierdie uiteenlopende ervarings te weerspieël. Ons kies prente, kunswerke en inhoud versigtig en met sorg om die verskillende mense, omgewings en realiteite te verteenwoordig waaruit Suid-Afrika en die wêreld daarbuite bestaan.

Ons moedig jou aan om dieselfde in jou klaskamer te doen. Gebruik stories om uiteenlopende agtergronde te beklemtoon, wys prente van landelike en stedelike omgewings, en gesels oor mense met verskillende fisiese vermoëns, kognitiewe vermoëns en identiteite, insluitende LGBTQ+. Bespreek verskillende godsdienste, ouderdomme en genderdiversiteit en ondersoek die verskillende ekonomiese situasies wat jou leerders kan teëkom. Leer die leerders oor ons bande met ander lande en mense oor Afrika en die wêreld heen. Sodoende sal jy help dat elke leerder voel dat hulle gesien en waardeer word en deel van die groter wêreldwye gemeenskap is.

## Hou vooroordeel en bevoorregting in gedagte

Me. Adams het ’n klas oor kulture en tradisies onderrig. Haar leerders het uit ’n verskeidenheid agtergronde gekom, en sy was opgewonde om te sien hoe die gesprek sou ontvou. Toe die les begin, het sy haar leerders gevra om ’n tradisie of oortuiging uit hulle eie gesinne te deel.

Lebo, ’n meisie met baie selfvertroue, het eerste gepraat, en haar gesin se Christen Kersfeestradisies beskryf. Verskeie ander leerders het gevolg en soortgelyke vakansiedae beskryf. Toe dit Amina se beurt was, het sy geaarsel. Amina se gesin is Moslems en sy het haar ervaring gedeel oor hoe hulle Eid vier. Feitlik onmiddellik het ’n paar leerders onder mekaar begin fluister, en een leerder – onbewus van die impak van sy woorde – het gemompel: “Dis nie ’n regte vakansiedag nie.”

Me. Adams het vinnig die spanning in die vertrek aangevoel. Sy het ’n belangrike keuse gehad om te maak. As sy die opmerking ignoreer, kan dit tot vooroordele lei, terwyl as sy dit hanteer, het sy ’n kans om die klas ’n waardevolle les te leer.

Me. Adams het die gesprek ’n oomblik gestaak en die klas gevra om na te dink. “Wat beteken dit as ons iemand se oortuigings en tradisies afmaak? Hoe sou jy voel as die rolle omgeruil was en jou spesiale dag ‘nie ’n regte vakansiedag nie’ genoem word?” Die klaskamer het stil geword toe die leerders oor hulle kommentaar nadink.

Sy het toe verduidelik hoe belangrik dit is om verskillende oortuigings te verstaan en te respekteer, en Amina se ervaring as ’n leergeleentheid gebruik. Me. Adams het nie met die leerders geraas of hulle laat skaam kry nie, maar hulle eerder deur ’n gesprek gelei oor waarom dit belangrik is om alle kulture te respekteer, selfs al ken hulle dit nie. Die klas het nagedink oor hoe vooroordele – oud én nuut – ander mense se sienings en houdings kan beïnvloed, dikwels sonder dat ons dit eers besef.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 17 2025/09/25 10:50

## Lesse uit me. Adams se klas

**Vooroordeel en aannames kan onbedoeld voorkom**
Selfs sonder dat hulle dit bedoel, kan leerders opmerkings maak wat onbewuste vooroordele openbaar. Dit is belangrik om die les vir 'n oomblik te onderbreek en hierdie situasies met sorg en bewustheid te hanteer.

**Elke stem maak saak**
Me. Adams het seker gemaak dat Amina se stem en ervaring deur die hele klas gerespekteer en waardeer word. Deur 'n atmosfeer van inklusiwiteit te skep, het sy beklemtoon dat elkeen se agtergrond respek verdien.

**Moedig selfbesinning aan**
In plaas daarvan om te preek, het me. Adams haar leerders gevra om na te dink oor hoe hulle sou voel as hulle in Amina se skoene was. Dit het die leerders gehelp om te verstaan hoe belangrik empatie en selfbewussyn in hulle optrede is.

**Skep 'n ruimte vir dialoog**
Wanneer vooroordeel na vore kom, is dit nie genoeg om dit net stil te maak nie. As jy die onderwerp oopmaak vir bespreking, help dit die leerders om te verstaan waarom sekere woorde of gedrag skadelik kan wees, en dit gee hulle die gereedskap om sulke situasies in die toekoms te hanteer.

**Leer deur uitdaging**
Ongemak kan 'n kragtige leermeester wees. Me. Adams het 'n moeilike oomblik gebruik om haar leerders aan te moedig om hulle aannames te bevraagteken, en gewys dat klaskamers plekke van groei is – nie net van kennis nie.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 18 2025/09/25 10:50

# Leerareas vir Lewensvaardigheid

## Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand

Aanvangskennis is ’n kombinasie van inhoud en begrippe uit die sosiale wetenskap (Geskiedenis en Aardrykskunde), natuurwetenskap en tegnologie.

Die sleutelbegrippe en vaardighede wat met hierdie dissiplines verband hou, word hier onder uiteengesit:

- **Sosialewetenskap-begrippe:** Bewaring; oorsaak en gevolg; plek; aanpassing; verhoudinge en interafhanklikheid; diversiteit; individualiteit; verandering
- **Natuurwetenskap-begrippe:** Lewe; energie en verandering; materie en materiaal; planeet Aarde en ander hemelliggame
- **Wetenskap-prosesvaardighede:** Die ondersoekproses wat waarneming, vergelyking, klassifisering van data, meting, eksperimentering en kommunikasie behels.
- **Tegnologiese prosesvaardighede:** Die proses wat gevolg word om te ondersoek; te ontwerp; te maak; te evalueer en te kommunikeer

## Persoonlike en Sosiale Welstand

Persoonlike en Sosiale Welstand sluit sosiale en emosionele gesondheid in, asook verhoudinge met ander mense in die omgewing. Dit sluit waardes en houdings (gesindhede) in. Hierdie leerarea sal leerders help om ingeligte besluite te neem en om sedelik en verantwoordelik te wees oor hulle gesondheid en die omgewing.

Persoonlike en Sosiale Welstand raak kwessies wat verband hou met voeding, siekte, veiligheid, geweld, mishandeling en omgewingsgesondheid. Leerders sal die nodige vaardighede ontwikkel om ’n positiewe bydrae tot die gesin, gemeenskap en samelewing te maak en terselfdertyd die waardes wat in die Grondwet van Suid-Afrika vervat is, uit te oefen. Dit beteken om die regte van ander te respekteer en verdraagsaamheid teenoor kulturele en geloofsdiversiteit te toon om sodoende ’n betekenisvolle bydrae tot ’n demokratiese samelewing te maak.

## Skeppende Kunste

Skeppende Kunste bestaan uit vier kunsvorme, naamlik dans, drama, musiek en die visuele kunste. Die doel van Skeppende Kunste is om die leerder as verbeeldingryke wese met ’n waardering vir verskillende kunsvorme te ontwikkel. Grondslagfaseleerders is inherent kreatief, en kuns word spontaan deur middel van spel aangeleer. Die fokus van leer behoort op die ontwikkeling van vaardighede deur middel van genotvolle ondervindings te wees. Dit word in twee parallelle strome ingedeel – Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns.

## Visuele Kuns

In Visuele Kuns word sensories-motoriese vaardighede, asook fyn- en grootmotoriese koördinasie deur die manipulasie van materiale en die bemeestering van ’n verskeidenheid kunstegnieke ontwikkel. **Tweedimensionele (2D)** werk verryk die leerder se persepsie van die werklike wêreld deur visuele en sensoriese stimulasie, bespreking en vrae, en moedig hulle aan om die fisiese liggaam in beweging te teken. **Driedimensionele (3D)** werk ontwikkel die begrip van ruimte en vorm soos deur stukke klei aanmekaar te las, papier te plak en vorms uit te knip, te vou, vas te bind en toe te draai. Leerders behoort oor lyne, vorms en kleure te kan praat.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 19 2025/09/25 10:50

### Uitvoerende Kuns

Uitvoerende Kuns bied leerders die geleentheid om kreatief te kommunikeer, te dramatiseer, te sing, musiek te maak, te dans en met beweging te eksperimenteer. Dit stimuleer geheue, bevorder verhoudings en bou selfvertroue en selfdissipline.

### Liggaamlike Opvoeding

Liggaamlike Opvoeding bevorder die ontwikkeling van die leerder se fyn- en grootmotoriese vaardighede en waarnemingsvermoë, wat fundamentele vaardighede in die Grondslagfase is. Fisiese en motoriese vaardighede vorm ’n integrale deel van die holistiese ontwikkeling van die leerder. Dit lewer ’n betekenisvolle bydrae tot die leerders se sosiale, persoonlike en emosionele ontwikkeling. Hierdie area fokus op waarnemings- en bewegingsontwikkeling, ritme, balans en lateraliteit.

## Bylae oor Lewensvaardigheid-inhoudsdekking

Die vak Lewensvaardigheid speel ’n kritieke rol in die algehele ontwikkeling van leerders. Dit fokus op hulle sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en fisiese groei en beklemtoon hoe hierdie aspekte onderling verbind is. Die inhoudsdekking sit die onderwerpe wat in elke kwartaal onderrig moet word, uiteen.

Om tred te hou van die inhoud en vaardighede wat in elke leerarea onderrig word, kan onderwysers na die bylae oor inhoudsdekking hier onder verwys. Dit sal help om te verseker dat alle onderwerpe vir elke graad en leerarea gedek word. Onderwysers kan die bylae vir elke kwartaal en graad aanpas.

| **Graad: 3** | | |
|---|---|---|
| **Kwartaal: 1** | | |
| **Leerarea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 1: Oor my | 5 | |
| Onderwerp 2: Gevoelens | 7,5 | |
| Onderwerp 3: Gesondheidsvoorligting | 2,5 | |
| Onderwerp 4: Hou my liggaam veilig | 5 | |
| Onderwerp 5: Regte en verantwoordelikhede | 5 | |
| **Leerarea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 1: Oor my | 3 | |
| Onderwerp 2: Gevoelens | 4,5 | |
| Onderwerp 3: Gesondheidsvoorligting | 1,5 | |
| Onderwerp 4: Hou my liggaam veilig | 3 | |
| Onderwerp 5: Regte en verantwoordelikhede | 3 | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 20 2025/09/25 10:50

| Leerarea: Liggaamlike Opvoeding | | |
|---|---|---|
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 1: Oor my | 2 | |
| Onderwerp 2: Gevoelens | 3 | |
| Onderwerp 3: Gesondheidsvoorligting | 1 | |
| Onderwerp 4: Hou my liggaam veilig | 2 | |
| Onderwerp 5: Regte en verantwoordelikhede | 3 | |

| Kwartaal: 2 | | |
|---|---|---|
| **Leerarea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 6: Gesonde eetgewoontes | 5 | |
| Onderwerp 7: Insekte | 7,5 | |
| Onderwerp 8: Lewensiklusse | 5 | |
| Onderwerp 9: Herwinning | 5 | |
| **Leerarea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 6: Gesonde eetgewoontes | 3 | |
| Onderwerp 7: Insekte | 4,5 | |
| Onderwerp 8: Lewensiklusse | 3 | |
| Onderwerp 9: Herwinning | 3 | |
| **Leerarea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 6: Gesonde eetgewoontes | 2 | |
| Onderwerp 7: Insekte | 3 | |
| Onderwerp 8: Lewensiklusse | 2 | |
| Onderwerp 9: Herwinning | 2 | |

| Kwartaal: 3 | | |
|---|---|---|
| **Leerarea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 10: Openbare veiligheid | 5 | |
| Onderwerp 11: Besoedeling | 5 | |
| Onderwerp 12: Leefwyses uit die verlede | 7,5 | |
| Onderwerp 13: Ruimte | 5 | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 21 2025/09/25 10:50

| Leerarea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns) | | |
|---|---|---|
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 10: Openbare veiligheid | 3 | |
| Onderwerp 11: Besoedeling | 3 | |
| Onderwerp 12: Leefwyses uit die verlede | 4,5 | |
| Onderwerp 13: Ruimte | 3 | |
| **Leerarea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 10: Openbare veiligheid | 2 | |
| Onderwerp 11: Besoedeling | 2 | |
| Onderwerp 12: Leefwyses uit die verlede | 3 | |
| Onderwerp 13: Ruimte | 2 | |

| Kwartaal: 4 | | |
|---|---|---|
| **Leerarea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 14: Produkte en prosesse | 5 | |
| Onderwerp 15: Rampe en wat ons behoort te doen | 7,5 | |
| Onderwerp 16: Diere en kreature wat ons help | 7,5 | |
| **Leerarea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 14: Produkte en prosesse | 3 | |
| Onderwerp 15: Rampe en wat ons behoort te doen | 4,5 | |
| Onderwerp 16: Diere en kreature wat ons help | 4,5 | |
| **Leerarea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| **Inhouddekking** | **Ure spandeer per onderwerp** | **Vordering** |
| Onderwerp 14: Produkte en prosesse | 2 | |
| Onderwerp 15: Rampe en wat ons behoort te doen | 3 | |
| Onderwerp 16: Diere en kreature wat ons help | 3 | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 22 2025/09/25 10:50

## Waarom assesseer ons leerders?

Ons assesseer leerders om:

- uit te vind wat hulle reeds weet en op daardie kennis en ervaring voort te bou
- tred te hou met die ontwikkeling van elke leerder om ’n idee te kry van die leerder se vordering oor ’n tydperk, nie net op een dag of in een week nie
- te kyk of die leerder holisties ontwikkel en of hulle op sekere gebiede ondersteuning nodig het
- leerhindernisse te identifiseer en maniere te kry om die leerder te help om dit na die beste van hulle vermoë te oorkom
- ’n volledige beeld van elke leerder op te bou en hulle sterk punte, uitdagings en spesifieke belangstellings en behoeftes te verstaan.

Assessering sluit verskillende metodes in om leerders se vordering en begrip te meet. Gereelde assesserings help jou om te sien hoe goed die leerders konsepte begryp en hulle vaardighede toepas. In die Grondslagfase maak deurlopende assessering voortdurende monitering van leerders se vordering en die doeltreffendheid van onderrig moontlik. Dit stel jou in staat om jou onderrigmetodes en leerders se groei te evalueer, wat jou help om ingeligte, daaglikse onderrigbesluite te neem.

**Assessering vir leer** word natuurlik by jou onderrigproses geïntegreer, en prettige, betrokke en ondersteunende metodes moedig die aktiewe deelname van leerders aan. Dit help om te identifiseer waar leerders meer steun nodig het en lei jou onderrig om in hulle behoeftes te voorsien.

**Neem waar tydens aktiwiteite**
Kyk hoe leerders take benader en vra leidende vrae om hulle te ondersteun.

**Duim-op, duim-af**
Gebruik dit ná ’n les om vinnig leerders se begrip te toets.

**Uitgangskaartjies**
Leerders teken of skryf aan die einde van ’n les iets wat hulle geleer het om hulle begrip te toon.

**Dink-paar-deel**
Leerders dink individueel, bespreek met ’n maat en deel dan met die klas om begrip te assesseer.

**Portuurterugvoer**
Leerders deel werk met klasmaats en gee eenvoudige, konstruktiewe terugvoer om oor hulle werk na te dink.

**Leerjoernale**
Leerders hou ’n joernaal om aan te teken wat hulle geleer het, en dit gee hulle insig in hulle vordering.

**Groepaktiwiteite en speletjies**
Prettige samewerkingstake laat jou toe om vermoëns intyds waar te neem.

**Ondervraging tydens lesse**
Gebruik oop vrae om leerders aan te moedig om hulle gedagtes en redenasies te verduidelik.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 23 2025/09/25 10:50

## Assessering

**Assessering as leer** behels dat leerders oor hulle vordering nadink. Dit moedig hulle aan om vir hulle eie leer verantwoordelikheid te neem. Hierdeur assesseer hulle aktief hulle eie begrip, wat dieper leer en selfbewussyn bevorder.

**W-W-L-kaarte (weet-wat-om-te-weet-leer)**
Leerders vul in wat hulle weet, wil weet, en later wat hulle geleer het om vorige kennis met nuwe konsepte te verbind.

**Konsepkaarte**
Leerders skep kaarte wat wys wat hulle weet en voeg nuwe inligting by namate hulle leer.

**Dinkskrum**
Aktiveer vorige kennis deur die leerders ’n dinkskrum te laat hou oor idees wat met ’n nuwe onderwerp verband hou.

**Uitgangskaartjies**
Leerders verduidelik hoe nuwe inligting verband hou met iets wat hulle reeds geweet het.

**Storievoltooiing**
Gee die begin vir ’n storie en laat die leerders dit met behulp van vorige kennis voltooi.

**Wat ontbreek?**
Gee onvolledige idees en laat die leerders die gapings invul met behulp van dit wat hulle weet.

**Interaktiewe gesprekke**
Begin lesse deur leerders te vra om die nuwe onderwerp en vorige ervaring of kennis met mekaar te verbind.

**Leerjoernale**
Leerders besin weekliks oor hoe nuwe inligting verband hou met wat hulle reeds weet.

**Leerassessering (Assessering van leer)** lewer bewys van leerders se prestasie op ’n spesifieke tydstip. Dit help jou om algehele vordering te bepaal en ingeligte besluite oor hulle vordering te neem.

**Kwartaaleindetoetse**
Formele toetse om bemeestering van inhoud te evalueer.

**Vasvrasessies**
Kort toetse om ná ’n les begrip te kontroleer.

**Skriftelike opdragte**
Take om begrip deur geskrewe stukke te assesseer.

**Projekte**
Kreatiewe take om kennis te demonstreer.

**Leesassesserings**
Een-tot-een-assesserings om leesvlotheid te bepaal.

**Opvoeringstake**
Toepassing van kennis in werklike scenario’s.

**Portefeuljes**
Versameling van werk om vordering oor tyd vas te stel.

**Mondelinge aanbiedings**
Leerders bied hulle begrip mondelings aan.


Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) sit geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighede uiteen as die drie vernaamste gebiede wat vir Grondslagfase-leerders geassesseer moet word. Die Departement van Onderwys verskaf ’n **Raamwerk vir Grondslagfase-assesseringsriglyne** om onderwysers te help om KABV-belynde praktyke te ontwikkel en te implementeer. Hierdie reeks gebruik **variasieteorie** in die inhoudontwerp om jou en jou leerders te help om aan die beginsels en doeleindes van assessering te voldoen wat deur die NKV gestel word.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 24 2025/09/25 10:50

## Soorte assessering in die Grondslagfase

Die departement erken vier soorte assesserings vir die Grondslagfase. Dit word in die NKV se assesseringsriglynedokument gedokumenteer:




## Leesassessering in die Grondslagfase

Ontmoet vir Lily, 'n intelligente en nuuskierige graad 3-leerder wat mal is oor skoolgaan. Ten spyte van haar entoesiasme beleef sy egter uitdagings in feitlik elke vak. Gedurende taallesse vra Lily dikwels om badkamer toe te gaan, want sy is bang haar onderwyser vra haar om hardop vir die klas te lees. In Wiskunde sukkel sy met woordprobleme, want dit is vir haar moeilik om te volg. In Kodering en Robotika kan sy nie met die geskrewe instruksies vir aktiwiteite bybly nie. In Lewensvaardigheid sien sy belangrike inligting nie raak nie, want sy kan nie die teks in haar werkboek lees nie. Dit word gou vir haar onderwysers duidelik dat die werklike probleem nie by die vakke self lê nie, maar by Lily se probleme om vlot te lees. Sonder sterk leesvaardighede sukkel sy om vrae te verstaan, instruksies te volg en nuwe inligting in haar vakke in te neem.

As jy aan jou eie leerders dink, sal jy sien dat Lily nie alleen is nie. Talle jong leerders in jou klas sukkel dalk ook om te lees op die vlak wat vir hulle ouderdom verwag word. Hierdie leerders – soos Lily – het probleme in verskillende vakke, nie omdat hulle nie belangstel of die vermoë het nie, maar omdat hulle nog nie die leesvaardighede ontwikkel het wat nodig is om ten volle by hulle werk betrokke te raak nie. Hierdie algemene uitdaging beklemtoon hoe belangrik dit is om leesontwikkeling in die Grondslagfase te prioritiseer en seker te maak dat elke leerder die ondersteuning kry wat hulle nodig het om te floreer.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 25 2025/09/25 10:50

## Vroeë herkenning van leerders met verskillende vermoëns

Namate leerders deur graad R–3 vorder, is dit algemeen om 'n wye reeks vermoëns en leerstyle in die klaskamer waar te neem. Terwyl talle leerders hulle vaardighede teen verskillende tempo's ontwikkel, toon sommige van hulle dalk leer- of fisiese gestremdhede wat hulle akademiese vordering kan beïnvloed. Vroeë identifikasie van hierdie uitdagings is uiters belangrik, aangesien tydige tussenkoms die steun kan verskaf wat leerders nodig het om sukses te behaal.

### Leah se reis

Leah was 'n slim en verbeeldingryke graad 2-leerder, baie nuuskierig en kreatief. Sy het daarvan gehou om te teken en dinge met haar hande te maak, en het dikwels ure lank in haar kuns weggeraak. Ten spyte van haar duidelike talente het Leah op baie gebiede op skool gesukkel. Dit was vir haar moeilik om gedurende lesse gefokus te bly, veral wanneer die klaskamer lawaaierig of besig was. Sy was dikwels oorweldig deur veranderings in roetine, soos 'n aflosonderwyser of nuwe sitplekreëlings, en het angstig geraak wanneer sy gevra is om aan groepaktiwiteite deel te neem.

Haar onderwyser het agtergekom dat sy verkies om alleen te werk en selde tydens pouses met haar klasmaats speel. As sy mondelinge instruksies moes volg, was sy soms verward of gefrustreerd, selfs wanneer die instruksies herhaal is. Hoewel sy uitstekend was met kreatiewe take, het Leah gesukkel om haar idees tydens klasbesprekings uit te druk. Sy het ook dikwels oogkontak vermy, wat dit moeilik gemaak het vir haar onderwysers om haar te bereik.

Met die verloop van die skooljaar het Leah se voog en onderwyser toenemend bekommerd geraak. Hoewel haar akademiese prestasie in vakke soos kuns sterk was, het haar probleme met kommunikasie, sosiale interaksie en die hantering van sensoriese oorlading al hoe meer merkbaar geraak. Haar voog het gewonder waarom dit vir Leah so moeilik was om dinge te hanteer wat vir ander kinders van haar ouderdom blykbaar maklik was.

Ná verskeie vergaderings met haar onderwysers is Leah vir evaluering verwys. Gedurende hierdie proses het Leah en haar gesin uitgevind dat sy outismespektrumversteuring (OSV) het. Vir jare moes Leah probleme hanteer wat met sensoriese sensitiwiteit, kommunikasie en sosiale interaksie te make het sonder dat sy geweet het hoekom.

Met hierdie nuwe begrip kon Leah se onderwyser en voog saamwerk om 'n meer ondersteunende omgewing vir haar te skep. In die klas het haar onderwysers visuele skedules gebruik om haar te help om veranderinge in roetine te hanteer en 'n stil ruimte geskep waarheen sy kon gaan as sy oorweldig voel. Leah het ook ekstra tyd gekry om mondelinge instruksies te verwerk en is toegelaat om in kleiner groepe of op haar eie te werk wanneer nodig.

Begrip van haar outisme het nie net vir Leah gehelp nie, maar het ook die onderwysers in staat gestel om haar te ondersteun op 'n manier wat haar sterk punte benut. Mettertyd het Leah meer selfvertroue in die klas gekry. Sy het strategieë geleer om sensoriese uitdagings te hanteer en gemakliker in sosiale situasies begin voel. Met die regte steun kon Leah floreer, wat bewys dat 'n diagnose nie 'n hindernis vir sukses is nie, maar 'n sleutel tot die ontsluiting van die regte gereedskap om te groei.

Hierdie storie beklemtoon hoe belangrik dit is om die tekens van outisme en enige ander leerversteurings of gestremdhede vroeg te herken sodat die regte tussenkomste leerders soos Leah kan help om uitdagings te oorkom en hulle volle potensiaal te bereik.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 26 2025/09/25 10:50

## Pedagogiese benadering


Variasieteorie is 'n pedagogiese benadering wat fokus op hoe leerders kritieke aspekte van 'n konsep opmerk en verstaan deur **variasies** te ervaar van wat onderrig word. Die kernidee is dat leerders 'n konsep beter verstaan wanneer hulle aan veelvuldige voorbeelde en nievoorbeelde blootgestel word wat die verskille en ooreenkomste in 'n spesifieke vak beklemtoon.

Die basiese idee van **variasieteorie** is dat leerders beter leer wanneer hulle verskillende ooreenkomste sien in wat onderrig word. Dit dui daarop dat leerders iets nie ten volle kan verstaan tensy hulle dit op verskillende maniere of in verskillende situasies sien nie. Deur te wys wat die konsep is en wat dit nie is nie, kan die leerders fokus op wat werklik saak maak.

Eenvoudig gestel, **om 'n konsep te bemeester moet leerders sien wat verander en wat dieselfde bly**. Dit help hulle om die belangrike dele van die idee raak te sien. As onderwysers kan ons help deur verskillende voorbeelde te gebruik wat hierdie verskille beklemtoon, wat dit vir leerders makliker maak om dit behoorlik te verstaan. Sleutelaspekte van variasieteorie in onderrig en leer sluit in:

1. **Fokus op kritieke eienskappe**: Die onderwyser identifiseer die noodsaaklike eienskappe van die konsep en bied variasies aan wat daardie eienskappe beklemtoon.
2. **Patrone van variasie**: Die onderwyser gebruik verskillende patrone om die leerders te help om te sien wat verander en wat konstant bly. Hierdie patrone sluit in:
   - **Kontras**: Gee teenoorgestelde voorbeelde om verskille te beklemtoon.
   - **Veralgemening**: Gee voorbeelde van variasies in die konsep om die breër toepassing te snap.
   - **Skeiding**: Behandel elke eienskap in isolasie om op die belangrikheid daarvan te fokus.
   - **Fusie**: Kombineer kritieke eienskappe om te kyk hoe dit in die konsep in wisselwerking tree.
3. **Onderskeiding**: Deur verskeie voorbeelde te ervaar, kan leerders onderskei watter aspekte belangrik is en 'n dieper begrip van die konsep ontwikkel.

## Doeltreffende lesbestuur




## Onderwyser se welstand

Talle professionele onderwysers ervaar baie stres in hulle loopbaan. Onderwys is 'n veeleisende loopbaan met talle hulpbronuitdagings en kan ook gevaarlik wees in 'n land met hoë vlakke van



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 27 2025/09/25 10:50

misdaad en geweld. Om hierdie redes is dit noodsaaklik dat jy stelsels in plek moet hê om na jouself om te sien, af te skakel en jou ervarings en bekommernisse te verwerk.

**Bewustheid en meditasie**
Gebruik elke dag 'n paar minute om te ontspan deur aandagtig en bewus te wees. Asemhalingsoefeninge en kalmering van jou gedagtes kan help om stres te verminder. Gratis hulpbronne vir meditasie is aanlyn beskikbaar en jy kan dit tydens stil oomblikke in jou klaskamer doen.

**Bou ondersteunende gemeenskappe**
Sluit aan by of skep 'n groep met mede-onderwysers vir ondersteuning en leer. As jy jou ervarings met ander deel, kan dit jou help om die uitdagings van onderwys te hanteer en nuwe perspektiewe te vorm.

**Gesonde leefstyl**
Handhaaf 'n gebalanseerde dieet, bly fisies aktief en pas jou stem op. Eenvoudige daaglikse gewoontes soos om genoeg water te drink, voedsame maaltye te eet en gereeld te oefen, sal jou energievlakke hoog hou en jou gesondheid beskerm.

**Geestes- en emosionele gesondheid**
Dit kan emosioneel veeleisend wees om jong, kwesbare kinders te onderrig. Dit is belangrik om 'n veilige ruimte of uitlaatklep te hê waar jy oor jou verantwoordelikhede kan gesels en die geestelike las van jou rol kan verwerk.

## Klaskamerbestuur

Dit kan uitdagend wees om groot klaskamers – wat in talle skole algemeen is – te bestuur. Die daarstelling van samewerkende klaskamerriglyne help om 'n respekvolle, inklusiewe leergemeenskap te kweek. As jy leerders betrek om saam met jou gedrags- en leerdoelwitte te stel, bevorder dit eienaarskap van die reëls en verwagtinge. Doeltreffende klaskamerbestuurstrategieë sluit in:

- Stel van grense: Kommunikeer reëls en perke van die begin af en lê dit voortdurend vas.
- Roetine en struktuur: Handhaaf konsekwente roetines; dit help om groot klasse te bestuur.
- Portuurwerk: As jy leerders afpaar of groepeer, bevorder dit portuuronderrig, samewerking en gedeelde verantwoordelikheid.
- Visuele en oudiohulpmiddels: Gebruik visuele hulpmiddels (plakkate, handseine) en oudioleidrade (musiek, handeklap) om instruksies vas te lê.
- Gedifferensieerde onderrig: Pas lesse aan om by die wisselende behoeftes van die leerders in die klas te pas.

## Klasbestuur vir multigraadklasse

In multigraadklasse waar verskillende grade saam onderrig word, is dit noodsaaklik om elke leerder se vermoëns te verstaan. Begin lesse met aktiwiteite wat al die leerders betrek en wys take toe op grond van hulle individuele vaardigheidsvlakke. Gebruik paar- of groepwerk om die leerders te laat saamwerk, ongeag of hulle nou ooreenstemmende of verskillende vlakke van vermoëns het. Bied take stapsgewys aan om seker te maak dat leerders met verskillende vermoëns betekenisvol kan bydra.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 28 2025/09/25 10:50

## Ondersteuning van verskillende leerstyle

In enige klaskamer, of daar nou 15, 20 of 40+ leerders is, sal daar 'n verskeidenheid leerstyle wees. Dit is die manier waarop leerders inligting absorbeer, verwerk, verstaan en onthou. Om 'n inklusiewe leeromgewing te skep, is dit noodsaaklik om elke leerder se leerstyl te identifiseer en te ondersteun, en jou onderrigmetodes aan te pas om in hulle behoeftes te voorsien.

Volgens die VOLK-stelsel word leerstyle in vier hoofkategorieë gegroepeer:

- Visuele/ruimtelike leer: Die algemeenste styl. Hierdie leerders is uitmuntend wanneer inligting visueel, byvoorbeeld deur diagramme, kaarte en waarneming, aangebied word.
- Ouditiewe leer: Hierdie leerders verwerk inligting die beste deur te hoor, te praat en te luister. Besprekings en mondelinge verduidelikings help hulle om nuwe konsepte te verstaan.
- Leer deur te lees en te skryf: Leerders in hierdie kategorie floreer deur te lees en te skryf. Hulle verwerk geskrewe inligting die beste en het sterk teoretiese vaardighede.
- Kinestetiese/tasbare leer: Hierdie leerders verkies om te leer deur te doen. Hulle verwerk inligting deur aanraking, beweging en praktiese ervarings en is uitstekend met praktiese take.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 29 2025/09/25 10:50

# Onderwerp 1 Oor my

| | |
|---|---|
| **Onderrigtyd** | 5 uur |
| **Leeruitkomste** | Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:<br>• 'n tydlyn van hulle eie lewe te skep en te bespreek, insluitende geboortedatum, eerste keer skool toe en 'n interessante feit oor hulleself<br>• 'n aanbieding vir die klas te hou en van 'n interessante voorwerp uit hulle verlede te vertel<br>• begrip van tyd en verandering te toon, en hoe dit deel van hulle persoonlike geskiedenis vorm. |
| **Vaardighede** | Selfrespek, kalenderdatums / jare / opeenvolgende gebeure, identifiseer, vergelyk, kommunikeer, beeld chronologiese gebeure met prente en woorde uit. |
| **Kennis** | • Datums en gebeurtenisse<br>• Teken op<br>• Vors na / Vra volwassenes |
| **Waarde** | Respek vir self en ander |
| **Houding** | Verdraagsaamheid |
| **Aanvangskennis** | Perseptuele vaardighede, alledaagse kennis, ooreenkomste en verskille |
| **Kritiesedenke-vrae** | • Hoe is ek dieselfde as my maats?<br>• Hoe verskil ek van my maats? |
| **Integrasie** | Afrikaans Huistaal:<br>Luister en praat: Voorbereide en onvoorbereide toespraak; Deel idees en ervarings, en toon begrip van konsepte<br>Wiskunde:<br>2D- en 3D-vorms konsolidering van die patroonkonsep deur Skeppende Kunste-aktiwiteite |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** | • Aktiwiteite maak voorsiening vir verskillende leervermoëns en skep 'n gevoel van "behoort" deur groepwerk en samewerking.<br>• Diversiteit word hanteer deur toepaslike kunswerk in die LB en deur aktiwiteite wat sensitiwiteit en die deel van kultuur uitdruklik aanmoedig. |
| **Onderrigmetodologie** | Bespreking, demonstrasie, instruksie, vrae, informele assessering |
| **Assessering** | Memoranda en rubrieke of kontrolelyste word voorsien om deurlopende informele assessering deur aktiwiteite en oefeninge te rig. 'n Skriftelike formele assesseringstaak en memorandum word aan die einde van die kwartaal voorsien vir Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand. Rubrieke word voorsien om Skeppende Kunste en Liggaamlike Opvoeding te assesseer. |
| **Aanbevole hulpbronne** | Leerderboek, DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 2–9, tydskrifte, skêr, gom, pen/potlode, prente en inligtingsboeke, flitskaarte en plakkate, woordeskat vir fokusbord en woordmuur, biblioteekboeke |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 2 2025/09/25 10:50

## Kom ons begin

LB bladsy 1

Kyk saam met die leerders na die prente van Neo op die vorige bladsy en lees die inligting oor haar. Beklemtoon dat ons almal uniek is. Ons lyk almal anders, en het verskillende families en verskillende voor- en afkeure. Ons almal vier spesiale dae op ons eie manier. Begin 'n kort bespreking oor die ooreenkomste en verskille tussen Neo en die leerders. Om die bespreking aan te moedig, kan jy vrae insluit oor hulle ouderdom, saam met wie hulle woon en van watter kleure hulle die meeste hou.

**Leerders werk op hulle eie.**

### Aktiwiteitriglyne

Lees ná die bespreking saam met die leerders deur die "Kom ons begin"-vrae en verduidelik enige nuwe woorde. Verduidelik dat hulle die vrae op hul eie gaan voltooi. Beweeg rond terwyl hulle werk, gee leiding en let op na probleme met leeswerk of spelling.

### Voorgestelde antwoorde

Die antwoorde sal verskil omdat elke leerder uniek is. Hulle tekening moet hulself en 'n maat uitbeeld.

### Hulpbronne

Leerderboek, pen/potlood

DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 2–9

Kleurpotlode vir die prent wat leerders teken

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **gunsteling** – die ding waarvan jy die meeste hou
- **land** – 'n baie groot plek waar baie mense saam bly. Suid-Afrika is 'n land.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 3 2025/09/25 10:50

## Aktiwiteit 1

LB bladsy 2

**Leerders werk op hulle eie.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Lees die gesprek tussen Karel en Patrick saam met die leerders. Sê vir die leerders dat dit 'n goeie geleentheid is om nuwe maats te ontmoet as jy met 'n nuwe klas, graad of skool begin. Gebruik die geleentheid om daarop te wys dat ons maats dalk van ander plekke af kan kom en ander tale kan praat. Vra leerders uit oor hulle geboorteplekke en die tale wat hulle praat.<br>Sê vir die leerders dat hulle hul moet verbeel dat hulle so pas 'n nuwe maat ontmoet het. Laat hulle nou die lys met dinge voltooi wat hulle graag vir hulle nuwe maat wil vertel. Hoewel die meeste die inligting sal ken, hou hulle geboortedatums byderhand om kinders te help wat nie seker is nie. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Leerders se antwoorde sal waarskynlik hulle ouderdom, geboortedatum, gunstelingdier en -speelding insluit. Laat enige ander antwoorde toe wat inligting oor hulleself en hulle voor- en afkeure verskaf. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 2–9 |

### Informele assesseringsrubriek

| Leerder was in staat om: | ✓ | ✗ |
|---|---|---|
| hulle naam en van en ouderdom neer te skryf | | |
| hulle geboorteplek en -datum te gee | | |
| inligting oor voor- en afkeure te verskaf | | |
| respek vir verskille te toon. | | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 4 2025/09/25 10:50

## Tyd om te ontdek

LB bladsy 3

**Leerders werk in groepe.**

**Aktiwiteitriglyne**

Verduidelik die speletjie wat Patrick speel. Vra uit oor die leerders se gunstelingspeletjies. Indien die tyd dit toelaat, laat die leerders probeer om die speletjie "Vyf klippies" (Diketo) te speel. Verduidelik dat dit in baie lande regoor die wêreld gespeel word.

**Voorgestelde antwoorde**

Dit is 'n praktiese aktiwiteit waartydens die leerders 'n speletjie kan speel.

**Hulpbronne**

Leerderboek, bakkies, klippies

## Wat is 'n tydlyn?

## Aktiwiteit 2

LB bladsy 4

**Leerders werk in groepe.**

| Aktiwiteitriglyne |
| --- |
| Stel die konsep van 'n tydlyn bekend terwyl na die prente gekyk word. Beklemtoon dat elke leerder se persoonlike tydlyn begin het toe hulle gebore is en dat dit al die belangrike dinge insluit wat tot dusver in hulle lewens gebeur het. Deel die leerders in groepe in om die prente te bespreek. Moedig leerders aan om die prente aan soortgelyke gebeure in hulle eie lewens te koppel en om dit met hulle groep te deel. Herinner die leerders daaraan om beurte te maak en om ander wat praat, te respekteer.<br>Verduidelik dat hulle 'n grootmens oor 'n spesiale gebeurtenis uit die verlede moet uitvra en vyf sinne daaroor gaan skryf. Dit moet as huiswerktaak gedoen word; maak dus seker dat hulle genoeg tyd het en weet wanneer hulle storie klaar moet wees. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 5 2025/09/25 10:50

| Voorgestelde antwoorde |
|---|
| 1. Leerders kyk na die prente en bespreek in groepe wat in elke prent gebeur.<br>2. Leerders praat oor die spesiale dinge wat hulle van hul eie lewe kan onthou.<br>3. Leerders moet vyf sinne oor 'n gebeurtenis uit die verlede skryf.<br>Antwoorde sal verskil omdat elke leerder uniek is.<br>4. Leerders deel hulle sinne oor 'n gebeurtenis uit die verlede met die klas. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 2–9 |

## Tydlyn van my lewe

## Aktiwiteit 3

LB bladsy 5

## Skeppende Kunste: Skep in 2D

**Leerders werk op hulle eie.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Bespreek die prente van die tydlyn in die LB met die leerders. Moedig 'n bespreking aan waarin hulle ander gebeure voorstel wat dalk vir hulle belangrik is, soos om hulle eerste tand te verloor of 'n troeteldier te kry.<br>Verduidelik nou dat hulle elkeen hulle eie plakkaat gaan maak wat die spesiale dinge uitbeeld wat belangrike gebeurtenisse in hulle lewens was. Maak seker hulle het kunsvoorraad, en laat tyd by die skool en die huis toe om dit te voltooi, aangesien hulle sekere gebeurtenisse met hulle familie sal moet bespreek en moontlik foto's sal wil gebruik. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Tydlyngebeure sal wissel. Gebruik die rubriek hier onder om die aktiwiteit informeel te assesseer. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 2–9<br>Karton, kleurpenne, kryte, skêr en gom |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 6 2025/09/25 10:50

Nuwe woorde

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **tydlyn** – iets wat ons gebruik om te wys hoe dinge gebeur het. Dit wys wat eerste gebeur het en wat daarna gebeur het.
- **gebeurtenis** – iets wat gebeur of gebeur het

## Informele assesseringsrubriek

| Leerder was in staat om: | ✓ | ✗ |
|---|---|---|
| 'n tydlyn te teken | | |
| tekeninge en/of prente te gebruik om gebeurtenisse uit te beeld | | |
| byskrifte te skep om gebeurtenisse te beskryf | | |
| met gemak 'n verskeidenheid media te gebruik | | |
| hulle plakkaat op 'n duidelike manier vir die klas aan te bied. | | |

## 'n Interessante voorwerp uit my verlede

### Aktiwiteit 4

LB bladsy 7

**Leerders werk op hulle eie.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Kyk saam met die leerders na die prente op bladsy 6 van die LB en vra hulle wat hulle sien. Begin 'n bespreking deur die betekenis van "verlede" en "hede" in konteks te verduidelik. Indien moontlik, bring een of twee items of foto's uit jou verlede saam om vir die leerders te wys as 'n voorloper vir hulle aanbieding en vertel-aktiwiteit.<br>Verduidelik dat hulle elkeen 'n item uit hulle verlede kan saambring om vir die klas te wys en daarvan te vertel. Laat hulle toe om idees te bespreek en maak seker hulle weet wanneer hulle hul aanbiedings gaan doen. |

| Hulpbronne |
|---|
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 2–9<br>Bykomende prente en/of fisiese items wat die verlede en die hede uitbeeld<br>Leerders kan ou boeke en tydskrifte gebruik |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 7 2025/09/25 10:50

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **verlede** – iets wat reeds gebeur het
- **hede** – iets wat nou gebeur
- **interessant** – iets waarvan jy meer wil weet, want dit trek jou aandag

## Liggaamlike Opvoeding

Gebruik die volgende stappe wanneer jy leerders leer om ’n bal te skop:
Hou jou oog op die bal.
Draai jou voet na buite sodat die binnekant van jou voet met die bal kontak maak. Gebruik hierdie woorde: “Gereed ... mik ... skop!”
Gereed = gee ’n tree tot langs die bal
Mik = trek jou ander been terug
Skop = swaai jou been vorentoe en skop die bal met jou voet
Begin met groter, ligter balle en vorder na kleiner, swaarder balle om ontwikkeling aan te moedig.

**Tyd om te ontdek**

LB bladsy 8

## Skeppende Kunste: Skep in 2D en 3D

**Aktiwiteitriglyne**

Begin deur te verduidelik dat ’n piramiede ’n gebou uit die verlede is. Vra die leerders watter 2D- en 3D-vorms hulle kan sien.

Verduidelik dat hulle nou gaan leer hoe om ’n piramiede te teken. Gebruik die instruksies in die LB en demonstreer dit op ’n maklike stap-vir-stap-manier terwyl hulle dit op die bord doen. Maak seker dat al die leerders elke stap voltooi voordat hulle na die volgende stap oorgaan, tot die tekening klaar is.

Jy kan nou die speelklei vir die leerders uitdeel en hulle vra om ’n piramiede in 3D te maak. Indien hulle sukkel om in 3D te visualiseer, wys ’n voorbeeld van ’n 3D-piramiede.

**Voorgestelde antwoorde**

Dit is ’n praktiese aktiwiteit waarin die leerders ’n 3D-piramiede teken.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 8 2025/09/25 10:50

**Hulpbronne**

Leerderboek

Kunsmateriaal, liniaal, potlode, papier, speelklei

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **Egiptenare** – mense wat in die land Egipte bly
- **piramiede** – ’n baie groot en ou gebou van klip wat ’n punt bo maak

## Wat het jy geleer?

LB bladsy 9

**Aktiwiteitriglyne**

Verduidelik dat die leerders ‘n plakkaat oor hulleself gaan maak. Laat hulle die instruksies onafhanklik lees en volg. Gebruik hulle vermoë om onafhanklik te werk en hulp te vra om hulle vlak van begrip en hulle vermoë om instruksies te lees, te begryp en te volg, te assesseer.

Verduidelik wat ‘n onderhoud is voordat leerders begin om vraag 2 te voltooi. Sê vir hulle om eers hulle vrae in hulle werkboeke te nommer en neer te skryf. Deel die leerders in pare in en laat tyd toe om onderhoude te voer en antwoorde vas te lê. Gee elke leerder ‘n geleentheid om te deel wat hulle uit die onderhoud oor hulle maat geleer het.

**Voorgestelde antwoorde**

1. Plakkate sal wissel, maar behoort alle elemente in te sluit wat in die LB gespesifiseer word. Gebruik ‘n kontrolelys om te assesseer.
2. Leerders moet hulle eie vyf relevante vrae oor persoonlike inligting en voor- en afkeure uitdink. Kontroleer die korrekte gebruik van vraagwoorde (waar, wat, wanneer, hoe, ens.) en die gebruik van vraagtekens. Die opgetekende antwoorde behoort ook informeel geassesseer te word vir spelling, grammatika en leestekens. Die aanbieding van wat hulle oor hulle maat geleer het, kan as ‘n mondelinge aanbieding (toespraak) geassesseer word.

**Hulpbronne**

Leerderboek

Karton, kryte, tydskrifte, skêr, gom



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 9 2025/09/25 10:50

## Speletjies

**"Alles oor my"-bordspeletjie**

Hoe om te speel: Deel die leerders in groepe in. Maak afskrifte van die bordspeletjie se templaat (Fotokopieerbare werkblad 1). Laat elke groeplid 1–2 onderwerpvrae uitdink om in die blokke te skryf (afhangende van die getal leerders in die groep), met enkele spasies wat leeg is. Hier is 'n paar idees vir onderwerpvrae indien die leerders leiding nodig het:

- Van watter bordspeletjie / buitemuurse speletjie / aanlyn speletjie hou jy die meeste?
- Van watter sport hou jy die meeste?
- Saam met wie woon jy?
- Van watter lekkers hou jy die meeste?
- Van watter storie hou jy die meeste?
- Van watter TV-program hou jy die meeste?
- Wat is die lekkerste vakansiedag vir jou familie?

Gee vir die leerders dobbelstene en tellers. Laat hulle beurte maak om dit te gooi en vrae oor hulleself te beantwoord totdat hulle die laaste vierkant bereik.

**Sou jy eerder?**

Hoe om te speel: Hierdie speletjie kan ligهartig of ernstig wees, en werk goed as 'n ysbreker om "mekaar beter te leer ken". Leerders moet tussen twee opsies kies en hulle antwoorde regverdig. Maak seker elke leerder beantwoord minstens een vraag. Indien die tyd beperk is, deel hulle in groepe in en gee vir elke groep 'n paar minute om hulle antwoorde met mekaar te bespreek. Daar is baie idees vir vrae aanlyn beskikbaar. Hier is 'n paar idees vir vrae:

- Sou jy eerder saam met haaie swem of in 'n bed met slange slaap?
- Sou jy eerder 10 jaar in die verlede teruggaan of 10 jaar in die toekoms in?
- Sou jy eerder 'n rou eier of 'n tor eet?
- Sou jy eerder 'n vakansie by die see of 'n vakansie in 'n woud kies?
- Sou jy eerder wou vlieg of onsigbaar wees?
- Sou jy eerder 'n robot hê wat jou huiswerk doen of een wat jou werkies in die huis doen?

**Die tydlynspeletjie "Die aarde draai om die son"**

Hoe om te speel: Laat die leerders in 'n kring staan. Plaas 'n geel sirkelvormige papier of kaart in die middel van die kring om die son voor te stel. Gee vir elke kind 'n stuk papier en 'n potlood wat hulle op die vloer voor hulle moet neersit.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 10 2025/09/25 10:50

Leer hulle die woorde van die liedjie op die wysie van die koorgedeelte van "*The farmer in the dell*" (vind die wysie op die internet).

*Die aarde draai om die son*

*Die aarde draai om die son*

*Een jaar gaan verby*

*en ons is een!*

Die laaste reël van die vers sal saam met elke omwenteling om die "son" verander na twee, drie, vier, ens.

Leerders sing dit terwyl hulle in 'n kring om die "son" loop. Hulle gaan staan na elke omwenteling by hulle papier en teken iets wat hulle op daardie stadium kon doen. (Help jonger kinders deur mylpale vir daardie ouderdom te noem.) Aan die einde van die aktiwiteit kan leerders hulle mylpaaltydlyn in die klaskamer opplak.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 11 2025/09/25 10:50

## Liggaamlike Opvoeding

Jy sal vir hierdie aktiwiteit balle om te skop, en band en bordkryt nodig hê om beginpunte vir atletiek-aktiwiteite te merk.

Warm op deur op asemhaling te fokus (byvoorbeeld, haal diep asem en maak of jy 'n ballon stadig opblaas). Volg op met eenvoudige strekoefeninge, strek die arms uit en buig vorentoe.

Lateraliteit: Deel die leerders in pare in en laat hulle 'n bal heen en weer afwisselend met die regter- en linkervoet skop.

Ritme: Laat leerders by 'n beginpunt aantree vir 'n vriendskaplike resies. Demonstreer hoe om te hurk en gereed te maak voordat hulle 'n klein entjie hardloop (op julle merke … gereed … gaan!).

Laat hulle nou by die beginpunt staan. Verduidelik dat hulle moet hardloop, vastrap en probeer om so ver te spring as wat hulle kan; hulle moet met afwisselende voete vastrap (demonstreer die verspringaksie). Laat hulle dit 'n paar maal probeer totdat hulle bepaal het watter been die gemaklikste is om mee vas te trap.

Koel af deur leerders op hulle rug te laat lê en hulle te verbeel hulle haal soos 'n sagte briesie asem.

### Informele assesseringsrubriek

| **Leerder was in staat om:** | ✓ | ✗ |
|---|---|---|
| aan opwarmings- en afkoelingsroetines deel te neem | | |
| 'n bal met die linker- en regtervoet te skop | | |
| aan 'n kort wedloop met ritmiese aftelling deel te neem | | |
| 'n gemaklike verspring-vastrapposisie te bepaal. | | |

## Skeppende Kunste

### Improviseer en interpreteer

Gebruik 'n eenvoudige liedjie wat die leerders ken. Laat hulle hul stemme opwarm deur op maat en ritmies saam te sing.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indd 12 2025/09/25 10:50

Laat die leerders nou by hulle tafels gaan sit. Hulle moet ritmepatrone met perkussie skep deur sag op hulle tafels te slaan en hulle hande te klap. Begin deur hulle ’n maklike ritme te leer, byvoorbeeld klap twee maal, dan weer een maal op hulle tafels.

Jy kan dit na ’n ietwat langer ritme uitbrei as al die leerders dit regkry, deur op die bord te skryf om hulle bekend te stel aan die lees van die ritme.

Dit sal dan help om die slae en ruspunte te verduidelik.

Nootwaardes:

- Heelnoot: vier slae
- Halwe noot: twee slae
- Kwartnoot: een slag

Ruswaardes:

- Heelnootrus: vier slae
- Halfnootrus: twee slae
- Kwartnootrus: een slag

Sodra die ritme bepaal is, speel dan ’n dramaspeletjie deur die kinders hulle name op maat van die ritme te laat uitroep. Dit kan aan die onderwerp gekoppel en uitgebrei word deur gunstelingkosse, -diere, ensovoorts hardop uit te roep.

Ter afsluiting wys jy weer vir die leerders die prent van Patrick wat sy maats leer om die “Vyf klippies”-speletjie (Diketo) te speel. Deel die leerders in groepe in en laat hulle die maats wat leer om die speletjie te speel, rolspeel. Moedig hulle aan om te oordryf en pret te hê met hoe die speletjie eindig.

## Informele assesseringsrubriek

| **Leerder was in staat om:** | ✓ | ✗ |
|---|---|---|
| ’n bekende liedjie saam te sing | | |
| ’n maklike ritme te hou deur perkussie te gebruik | | |
| ’n dramaspeletjie op die maat van ’n ritme te speel | | |
| aan rolspel deel te neem. | | |




9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 13 2025/09/25 10:50

# Hulpbronwerkblad 1

| Naam en van: | |
|---|---|
| Graad: | Datum: |

## Voorbeeld:






9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 14 2025/09/25 10:50

# Remediëring

1. Voltooi die sinne:

My naam is ______________________

Ek is ____________________ jaar oud.

Ek is ’n (seun/meisie) _____________

Ek is op (dag) ____________ (maand)

____________ (jaar) _______ gebore.

Die land waarin ek gebore is,

is _____________________________

My skool se naam is ______________

My onderwyser se naam is

________________________________

My maat se naam is ______________

Die kos waarvan ek

die meeste hou is ________________

Die kleur waarvan

ek die meeste hou is ______________



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 15 2025/09/25 10:50

2. Thandi probeer ’n tydlyn maak van dinge wat in haar lewe gebeur het. Sit dit vir haar in volgorde deur 1, 2, 3, 4 of 5 in die vierkant langs die gebeurtenis neer te skryf.

| | |
|---|---|
| | Ek het my nuwe onderwyser in graad 3 ontmoet! |
| | Ek is in Suid-Afrika gebore. |
| | Ek het in graad 1 by ’n nuwe skool begin skoolgaan. |
| | Ek het in graad 2 ’n babahondjie gekry. |
| | Ek het geleer om te loop en te praat. |

3. Jou familie is ’n belangrike deel van jou verlede en jou lewe vandag. Teken ’n prent van hulle hier:




9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 16 2025/09/25 10:50

# Uitbreiding

Gebruik die leidrade om die blokkiesraaisel in te vul. Lees die definisies en probeer om al die nuwe woorde wat jy geleer het, te vind.

**Dwars**

4. Iets wat reeds gebeur het.
5. Iets wat nou gebeur.
6. ’n Baie groot en ou gebou van klip wat ’n punt bo maak.
8. Iets wat ons gebruik om te wys hoe dinge gebeur het. Dit wys wat eerste gebeur het en wat volgende gebeur het.




**Af**

1. Iets wat jy die meeste van hou.
2. ’n Baie groot plek waar baie mense saam bly.
3. Mense wat in die land Egipte woon.
7. Iets waarvan jy meer wil weet, want dit trek jou aandag.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 17 2025/09/25 10:50

Vind nou al die nuwe woorde wat uit die blokkiesraaisel kom in hierdie woordsoek.

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | G | I | M | O | U | K | H | M | R | D | K |
| F | X | N | M | C | J | T | E | M | Q | G | D |
| O | I | T | N | G | P | W | D | L | W | U | G |
| L | P | E | C | V | W | A | E | H | O | N | V |
| T | M | I | G | A | S | V | E | V | Q | S | K |
| M | L | N | R | I | W | B | N | B | R | T | C |
| Q | J | T | B | A | P | V | T | D | P | E | X |
| L | X | E | P | L | M | T | G | N | M | L | O |
| A | U | R | B | P | I | I | E | X | D | I | Q |
| N | O | E | E | M | Y | R | E | N | H | N | U |
| D | F | S | V | A | I | R | M | D | A | G | L |
| T | C | S | V | E | R | L | E | D | E | R | M |
| R | J | A | Q | U | F | K | Z | V | S | N | E |
| Y | G | N | Q | J | V | X | B | F | I | U | S |
| O | M | T | Y | D | L | Y | N | C | E | D | N |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 18 2025/09/25 10:50

# Memorandums

## Remediëring

1. Antwoorde is spesifiek tot die leerder.
2.

| | |
|---|---|
| 5 | Ek het my nuwe onderwyser in graad 3 ontmoet! |
| 1 | Ek is in Suid-Afrika gebore. |
| 3 | Ek het in graad 1 by 'n nuwe skool begin skoolgaan. |
| 4 | Ek het in graad 2 'n babahondjie gekry. |
| 2 | Ek het geleer om te loop en te praat. |

3. Tekeninge sal van leerder tot leerder verskil.
4. Uitbreiding

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | G | | | | | | | |
| | | | U | | | | | | | |
| | | L | N | | | | | | | |
| | | A | S | | E | | | | | |
| | | N | T | | G | | | | | |
| H | E | D | E | | I | | | | | |
| | | | L | | P | | | | | |
| | | | I | | T | | | | | |
| | | | N | V | E | R | L | E | D | E |
| | | | G | | N | | | | | |
| | | P | I | R | A | M | I | E | D | E |
| | | | | | R | | N | | | |
| | | | | | E | | T | | | |
| | | | | | | | E | | | |
| | | | | | | | R | | | |
| | | | | | | | E | | | |
| | | | | | | | S | | | |
| | | | | | | | S | | | |
| | | | | | | | A | | | |
| | | T | Y | D | L | Y | N | | | |
| | | | | | | | T | | | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 19 2025/09/25 10:50

5. Woordsoek

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | H | | | | |
| | | | | | | | E | | | G | |
| | | | | | | | D | | | U | |
| | P | E | | | | | E | | | N | |
| | | I | G | | | | | | | S | |
| | | N | R | I | | | | | | T | |
| | | T | | A | P | | | | | E | |
| L | | E | | | M | T | | | | L | |
| A | | R | | | | I | E | | | I | |
| N | | E | | | | | E | N | | N | |
| D | | S | | | | | | D | A | G | |
| | | S | V | E | R | L | E | D | E | R | |
| | | A | | | | | | | | | E |
| | | N | | | | | | | | | |
| | | T | Y | D | L | Y | N | | | | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 20 2025/09/25 10:50

# Onderwerp 2 Gevoelens

| | |
|---|---|
| **Onderrigtyd** | 7,5 uur |
| **Leeruitkomste** | Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:<br>• verskillende gevoelens en emosies wat hulle en ander ervaar, te identifiseer<br>• verskeie gevoelens te vergelyk en te verstaan hoe dit in verskillende situasies kan verander<br>• hulle gevoelens op gesonde maniere oor te dra deur woorde, gesigsuitdrukkings en liggaamstaal te gebruik<br>• gevoelens op 'n gesonde manier uit te druk, en te verstaan dat dit belangrik is om emosies te deel en daaroor te praat. |
| **Vaardighede** | • Identifiseringsvaardighede: Herken en identifiseer verskillende gevoelens.<br>• Vergelykingsvaardighede: Vergelyk verskillende gevoelens en hulle intensiteit.<br>• Kommunikasievaardighede: Druk gevoelens uit in woorde en gebare.<br>• Gesonde uitdrukkingsvaardighede: Wys gevoelens op 'n gesonde en respekvolle manier. |
| **Kennis** | • Leerders behoort 'n beter begrip van hulle eie gevoelens te hê en verskillende emosies te kan herken.<br>• Leerders kan oefen om hulle gevoelens op gesonde en gepaste maniere uit te druk. |
| **Waardes** | • Respek vir hulpbronne: Gebruik natuurlike hulpbronne met omsigtigheid en verantwoordelikheid.<br>• Nuuskierigheid: Stel belang daarin hoe dinge gemaak word. |
| **Houdings** | • Respek vir jouself en ander: Verstaan en waardeer jou eie en ander se gevoelens.<br>• Verdraagsaamheid: Aanvaar verskillende emosies en hoe mense dit uitdruk. |
| **Aanvangskennis** | Leerders behoort 'n mate van aanvangskennis van basiese emosies te hê, insluitende hoe dit voel en waarom dit belangrik is. Hulle behoort ook emosionele aanduidings soos gesigsuitdrukkings en liggaamstaal op te let.<br>Daar is verwagte verskille in aanvangskennis; daarom behoort die aktiwiteit wat die onderwerp inlei, gebruik te word om hierdie verskille te assesseer en inklusiewe onderrig te bevorder. |
| **Kritiesedenke-vrae** | • Wat dink jy is gevoelens?<br>• Hoe voel jy wanneer jy voor skool wakker word?<br>• Dink aan 'n tyd toe jy gelukkig gevoel het. Wat het gebeur?<br>• Hoe dink jy voel die meisie en die seun in die prente op bladsy 10? |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 21 2025/09/25 10:50

| | |
|---|---|
| **Integrasie** | Afrikaans Huistaal:<br>• Lees-, luister- en praatvaardighede deur besprekings, groepwerk en werk in pare<br>• Lees vir betekenis |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** | • Aktiwiteite maak voorsiening vir verskillende leervermoëns en skep 'n gevoel van "behoort" deur groepwerk en samewerking.<br>• Diversiteit word hanteer deur toepaslike kunswerk in die LB en deur aktiwiteite wat sensitiwiteit en die deel van kultuur uitdruklik aanmoedig. |
| **Onderrigmetodologie** | Die onderrigbenadering verskil na gelang van die aard van die aktiwiteit (sien aktiwiteitriglyne), maar sluit in besprekings, demonstrasie, instruksie, vrae, aanmoediging, informele assessering, konsolidering deur gerigte en onafhanklike aktiwiteit.<br>Aangesien spel, praktiese aktiwiteite en speletjies 'n integrale deel van Grondslagfaseleer is, word voorstelle hiervoor, wat die leeruitkomste komplementeer, aan die einde van die onderwerp ingesluit. |
| **Assessering** | Memoranda en rubrieke of kontrolelyste word voorsien om deurlopende informele assessering deur aktiwiteite en oefeninge te rig. 'n Skriftelike formele assesseringstaak en memorandum word aan die einde van die kwartaal voorsien vir Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand. Rubrieke word voorsien om Skeppende Kunste en Liggaamlike Opvoeding te assesseer. |
| **Aanbevole hulpbronne** | Leerderboek, DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17, tydskrifte, skēr, gom, pen/potlode, prente van gesigsuitdrukkings en emosies, inligtingsboeke oor gevoelens en emosies, flitskaarte met verskillende emosies, plakkate wat wys hoe om gevoelens uit te druk en te verstaan |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 22 2025/09/25 10:50

## Kom ons begin

LB bladsy 11

**Aktiwiteitriglyne**

Bespreking, verduidelikings en ondersoek van aanvangskennis

1. Kyk na die prente:
    - Wys vir leerders die prente op bladsy 10 van die LB. Vra hulle wat hulle sien en waaroor hulle dink hierdie onderwerp handel.
2. Voorgestelde aansporingsvrae vir bespreking:
    - Wat kan julle my van die kinders in hierdie prente vertel?
    - Help leerders om te beskryf wat die kinders doen en hoe hulle moontlik voel.
    - Wat dink julle is dieselfde in hierdie prente?
    - Lei leerders om in te sien dat die prente verskillende gevoelens uitbeeld.
    - Hoe dink jy wys hierdie prente hoe mense voel?
      Vra leerders om oor die emosies te praat wat hulle in die prente sien.
3. Verduidelik die prente:
   Geluk (Prent 1): Spraakborrel: "Gevoelens is emosies wat ek in myself voel. Gevoelens kan my gelukkig of ongelukkig laat voel." Zahara lyk gelukkig en ontspanne. Sy lê op die gras en kyk na die lug. Verduidelik dat geluk ons goed en kalm laat voel.
   Hartseer (Prent 2): Spraakborrel: "Gevoelens is hoe ons oor iets voel." Etienne lyk ongelukkig en huil. Hy voel hartseer. Verduidelik dat dit natuurlik is om hartseer te voel en dat dit in die haak is om soms so te voel.

Hierdie verduidelikings sal leerders help om te verstaan wat gevoelens is en hoekom dit belangrik is dat hulle daaroor moet praat.

Klasbespreking: Verduidelik die betekenis van die nuwe woord en gebruik die vrae op bladsy 11 vir bespreking. Beweeg rond, luister na die leerders om te bepaal wat hulle weet en help as hulle vrae het.

Antwoorde sal wissel op grond van wat leerders reeds weet en in die prente sien. Moedig hulle aan om hulle gedagtes te deel en help hulle met enige vrae wat hulle oor gevoelens het.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 23 2025/09/25 10:50

**Voorgestelde antwoorde**

Gebruik die vrae op bladsy 11 vir bespreking:

1. Wat dink jy is gevoelens? Lei leerders om te verstaan wat gevoelens is hoe ons ons emosies soos geluk of hartseer ervaar en verwoord.
2. Hoe voel jy wanneer jy voor skool wakker word? Moedig leerders aan om hulle gevoelens te deel oor hoe hulle die dag begin en help hulle om daardie gevoelens te beskryf.
3. Dink aan 'n tyd toe jy gelukkig gevoel het. Wat het gebeur? Vra leerders om 'n gelukkige oomblik te onthou en te verduidelik wat hulle so laat voel het.
4. Hoe dink jy voel die meisie en die seun in prent 1 en prent 2 op bladsy 10? Help leerders om die emosies soos geluk of hartseer wat in die prente uitgebeeld word, te bespreek en te verduidelik hoekom hulle so dink.

Nuwe woord

Gee praktiese voorbeelde van die woord terwyl dit bespreek word.

- **emosies** – hoe jy voel oor dinge wat gebeur

## Wat maak my gelukkig?

### Aktiwiteit 1

LB bladsy 12

**Leerders werk in pare.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Vra leerders om die storie oor Mia te lees en haar gevoelens te bespreek deur die gegewe vrae te gebruik.<br>Laat leerders die aktiwiteitsvrae in pare beantwoord. Dit kan as 'n bespreking gedoen word of deur die antwoorde in hulle werkboeke neer te skryf. Stap rond en luister na die besprekings, spoor aan waar nodig. Moedig leerders aan om in volsinne te antwoord.<br>Leerders sal dalk oplet dat Mia twee mammas het. Dit kan gebruik word as 'n geleentheid om vir die leerders te vertel dat families bietjie kan verskil, maar die manier waarop hulle vir mekaar lief is en vir mekaar omgee is dieselfde. Moedig die leerders aan om, as hulle wil, meer inligting oor hulle eie families te deel en te sê hoe hulle families verskil. Onthou dat party leerders nie oor hulle families sal wil praat nie. Ons moet dit respekteer. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 24 2025/09/25 10:50

| Voorgestelde antwoorde |
|---|
| 1. Mia het hartseer en ontsteld gevoel omdat haar maats nie met haar wou speel nie.<br>2. Om met haar mamma te praat, het Mia gehelp om beter te voel. Dit is belangrik om gevoelens te deel sodat ons nie alleen voel nie en ondersteuning kan kry.<br>3. Mia se mamma het waarskynlik vir haar gesê dat dit in die haak is om hartseer te voel en haar ’n drukkie gegee. Sy kon dalk gesê het sy moet met haar maats probeer praat of iets lekkers kry om te doen. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17 |

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **liefdevol** – om baie lief te wees vir iemand of iets
- **uitsluit** – as jou maats nie met jou wil speel nie



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 25 2025/09/25 10:50

# Wat maak my ongelukkig?

## Aktiwiteit 2

LB bladsy 13

**Leerders werk in groepe en op hulle eie.**

### Aktiwiteitriglyne

Groepwerk:

Vra leerders om na die prent te kyk en te beskryf wat hulle sien. Hulle behoort die aksies en emosies wat uitgebeeld word, te kan bespreek.

Moedig leerders aan om hulle gevoelens oor die prent te deel. Hulle moet praat oor of die prent hulle gelukkig, hartseer of iets anders laat voel.

Bespreek idees oor hoe Etienne beter kan voel. Lei leerders om aan maniere te dink om iemand beter te laat voel, soos om met hulle te gesels of iets lekkers te doen.

Laat leerders hulle gedagtes met die klas deel. Dit help hulle om praat- en luistervaardighede te oefen.

Individuele werk:

Vra leerders om vir Etienne 'n brief te skryf. Voor leerders begin skryf, behandel eers die kenmerke van 'n brief met die leerders (hoe om met 'Beste Etienne' te begin en met hulle naam af te sluit). Bespreek idees van aangename dinge wat 'n mens vir 'n maat kan sê om hulle beter te laat voel.

### Voorgestelde antwoorde

**Groepwerk:**

1. a. Etienne is hartseer en huil. Hy staan voor die klas en die ander kinders gooi hom met goed.
   b. Antwoorde sal verskil. Die prent kan party leerders byvoorbeeld hartseer laat voel omdat Etienne ongelukkig lyk.
   c. Antwoorde sal verskil. Voorbeelde: Gesels met 'n maat of familielid, doen iets lekkers of bring tyd deur saam met mense wat vir jou omgee.
   d. Leerders deel hulle antwoorde met die klas.

**Individuele werk:**

2. Antwoorde sal wissel. 'n Voorbeeldbrief volg:

Beste Etienne

Ek is jammer jy voel hartseer. Ek gee om vir jou. Ek wil graag help. Miskien kan ons saam 'n speletjie speel. Jy kan vir my sê hoekom jy ongelukkig is. Onthou, jy is nie alleen nie. Jou maats gee om vir jou. Ek hoop jy voel gou beter!

Jou maat

[Leerder se naam]



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 26 2025/09/25 10:50

| Hulpbronne |
| --- |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17 |

## Tyd om te ontdek

LB bladsy 14

**Aktiwiteitriglyne**

Deel die leerders in groepe in en laat hulle na die prente kyk om elke prent by die gegewe byskrifte te pas. Vra hulle om te bespreek watter byskrif die beste by elke prent pas.

Aansporingsvrae:

- Wat sien jy gebeur in elke prent?
- Hoe dink jy voel die mense in die prente?
- Hoekom dink jy pas hierdie byskrif by die prent?

Beweeg rond terwyl die leerders werk en luister na hulle besprekings. Help hulle met enige vrae en maak seker hulle verstaan hoekom elke byskrif by die prent pas. Moedig hulle aan om volsinne te gebruik en om hulle gedagtes duidelik te verwoord.

**Voorgestelde antwoorde**

1. Prent 1 – e: Goeie maats
2. Prent 2 – a: ’n Liefdevolle familie
3. Prent 3 – g: Deel van ’n span
4. Prent 4 – c: Om te doen waarvan jy hou

**Hulpbronne**

Leerderboek, pen/potlood

DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 27 2025/09/25 10:50

## Hoe om gevoelens te herken

### Aktiwiteit 3

LB bladsy 15

**Leerders werk in groepe.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Groepwerk en bespreking<br>Laat leerders eers die spraakborrels oor verskillende gevoelens lees:<br>• Woede: Woede is wanneer jy kwaad of gefrustreerd voel soos wanneer iemand jou goed vat.<br>• Vrees: Vrees is om bang te voel, soos wanneer daar 'n donderstorm is.<br>• Bekommernis: Bekommernis is om baie te dink oor iets waaraan jy niks kan doen nie, soos my boetie wat nie wil leer nie.<br>• Eensaamheid: Eensaamheid is om ongelukkig te voel omdat jy alleen is, soos wanneer jou maats jou uitsluit.<br>Vra leerders om te praat hoe hulle oor elke emosie voel: gelukkig, hartseer, kwaad, bang, bekommerd en eensaam.<br>Bespreek hoe 'n mens se gesig en lyf lyk wanneer jy elke emosie voel. Glimlag jy byvoorbeeld as jy gelukkig is, of frons jy wanneer jy ongelukkig is?<br>Praat oor wat maak dat hulle elke emosie voel. Laat 'n donderstorm hulle byvoorbeeld bang voel? Maak dit hulle gelukkig wanneer hulle tyd saam met maats deurbring?<br>Vra elke leerder om een emosie uit die spraakborrels te kies. Hulle maak dan 'n collage om daardie emosie uit te beeld deur prente en woorde te gebruik. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Gelukkig: Om goed te voel, soos wanneer jy met maats speel.<br>Ongelukkig: Om "af" te voel, soos wanneer iets slegs gebeur.<br>2. Kwaad: Frons, gespanne liggaam, gebalde vuiste.<br>Bang: Wydgerekte oë, bewe, hou jou lyf vas.<br>3. Bekommerd: Groot toetse, goed wat dalk kan gebeur.<br>Eensaam: As maats jou eenkant toe skuif (uitsluit) en as jy niemand het om mee te praat nie.<br>4. Collage: Leerders moet een emosie uit die spraakborrels kies. Hulle sal prente en woorde uit tydskrifte gebruik of hulle eie prente teken om te wys hoe daardie emosie vir hulle lyk. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>Tydskrifte om prente uit te knip, skêr, gom, papier vir collages, merkers of kryte |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 28 2025/09/25 10:50

## Aktiwiteit 4

LB bladsy 16

**Leerders werk in pare.**

### Aktiwiteitriglyne

Vra leerders om in pare te werk om na die prente te kyk en die beskrywings van gevoelens te lees. Lei die leerders dan om die byskrifte by die regte prente en beskrywings te pas. Beweeg rond in die klaskamer terwyl hulle werk om hulp te verleen en seker te maak hulle verstaan die taak.

Nadat hulle die byskrifte gepas het, moedig die pare aan om die volgende vrae te bespreek en te beantwoord:

- Wat kan jy by die beskrywings van eensaamheid, woede, bekommernis en vrees voeg? Help leerders om te dink oor hoe hulle voel wanneer hulle hierdie emosies ervaar.
- Wanneer voel jy eensaam, kwaad, bang of bekommerd? Moedig leerders aan om hulle eie ervarings te deel.

Luister na die besprekings en verskaf sagkens leiding.

Herinner leerders daaraan om volsinne te gebruik wanneer hulle oor hulle gevoelens praat.

### Voorgestelde antwoorde

1. Prent 1: b. Woede
   Prent 2: d. Vrees
   Prent 3: c. Bekommernis
   Prent 4: a. Eensaam
2. Antwoorde sal verskil. Voorbeelde:
   Eensaamheid: Om alleen te voel, soos wanneer daar niemand naby jou is nie.
   Woede: Om kwaad te voel, soos wanneer iemand jou sleg behandel.
   Bekommernis: Om te voel daar gaan iets slegs met jou gebeur, soos voor ’n groot toets.
   Vrees: Om bang te voel, soos gedurende ’n donderstorm.
3. Antwoorde sal verskil. Voorbeelde:
   Eensaam: Wanneer my maats nie met my wil speel nie.
   Kwaad: As iemand lelike goed vir my sê of my seermaak.
   Bekommerd: As ek aan iets dink en dit lyk of dit verkeerd gaan loop, soos dat ek dalk swak sal doen in my toets.
   Bang: As daar iets is wat my bang maak, soos die donker.

### Hulpbronne

Leerderboek, flitskaarte oor emosies, plakkate van emosies, storieboeke oor emosies



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 29 2025/09/25 10:50

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **collage** – ’n plakkaat waar jy verskillende goed op papier of karton plak, soos foto’s, prente en woorde
- **verlam** – wanneer iemand nie meer kan beweeg nie, of ’n deel van hulle lyf kan nie meer beweeg nie

## Liggaamlike Opvoeding

Instruksies vir gebruik van die hindernisbaan

Stel duidelike verwagtinge:

Verduidelik die doel van die hindernisbaan, hoe om veilig daardeur te kom, en watter reëls die leerders moet volg.

Dink aan jou klas se verskillende fisiese vermoëns en ontwerp die baan om ’n uitdaging vir almal te bied.

Gebruik rigtingwysende taal soos “links”, “regs”, “vorentoe”,  “agtertoe”, “onderdeur”, “bo-oor” om leerders deur die baan te lei.

Gebruik positiewe versterking tydens die aktiwiteit: moedig leerders aan deur hulle te prys en deurlopend konstruktiewe terugvoer te gee.

## Goeie maniere om te wys hoe ons voel

### Tyd om te ontdek

LB bladsy 18–19

**Leerders werk in groepe.**

**Aktiwiteitriglyne**

Lees saam met die leerders deur die raad wat in die spraakborrels gegee word oor hoe om verskillende gevoelens uit te druk. Bespreek dan die raad in elk van die vier situasies. Kies ’n paar leerders en vra hulle hoe hulle wys hulle is kwaad, bang, bekommerd of eensaam.

**Voorgestelde antwoorde**

1. Leerders lug hulle mening oor die raad wat gegee is.
2. Leerders se eie idees oor hoe om veilig uitdrukking te gee aan gevoelens wanneer hulle kwaad, bang, bekommerd of eensaam voel.
3. Leerders skryf of teken hulle gevoelens in ’n dagboek.

**Hulpbronne**

Leerderboek, pen/potlood
DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 30 2025/09/25 10:50

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord wanneer dit bespreek word.

- **raad** – as iemand jou 'n goeie idee gee om iets makliker of beter te maak
- **dagboek** – 'n spesiale boek waarin jy neerskryf wat jy dink, hoe jy voel of wat jy wil doen

## Aktiwiteit 5

LB bladsy 20

**Leerders werk op hulle eie.**

### Aktiwiteitriglyne

Laat die leerders op hulle eie werk om 'n dagboek vir hulle gevoelens te skep. Verduidelik dat hulle vandag iets oor hulle gevoelens gaan teken en skryf.

Aansporingsvrae:

- Hoe lyk jou gesig wanneer jy so voel?
- Kan jy 'n paar sinne skryf oor hoekom jy so voel?
- Wat is 'n paar maniere om hierdie gevoelens op 'n veilige manier te wys?

Moedig leerders aan om eerlik oor hulle gevoelens te wees en die woorde te gebruik wat hulle geleer het. Beweeg rond in die klaskamer en bied hulp aan terwyl hulle teken en skryf. Maak seker hulle verstaan dat dit in die haak is om verskillende emosies te ervaar en dat dit belangrik is om dit op gesonde maniere te wys.

Moedig leerders aan om volsinne te gebruik en om deeglik na te dink oor hoe hulle hul emosies uitdruk.

### Voorgestelde antwoorde

1. Teken 'n gesig: Leerders moet 'n gesig teken wat wys hoe hulle vandag voel (bv. gelukkig, hartseer, kwaad).
2. Skryf oor gevoelens: Leerders skryf vyf eenvoudige sinne om te verduidelik hoekom hulle so voel.
3. Wys gevoelens: Leerders skryf enkele gesonde maniere neer om te wys wat hulle voel op 'n manier wat nie vir hulle of ander mense skadelik is nie (bv. om met iemand te praat, lekker diep asem te haal, iets te doen wat hulle geniet).

### Hulpbronne

Leerderboek, pen/potlood, notaboek, kleurpotlode of kryte



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 31 2025/09/25 10:50

## Tyd om te ontdek

LB bladsy 20

**Stomstreke met emosies**
**Leerders werk in groepe.**

Dit is 'n praktiese aktiwiteit waarin die leerders 'n speletjie van voorstellings van emosies speel ("charades"). Lees die instruksies hardop vir die leerders en maak seker hulle verstaan hoe om te speel:

1. Skryf die name van verskillende emosies op stukkies karton of papier, byvoorbeeld gelukkig, bang, verbaas.
2. Sit die kaartjies of gevoude papiertjies in 'n boks gemerk **Emosies**.
3. Maak beurte om 'n kaartjie uit die boks te trek.
4. Hulle kyk na die kaartjie, maar steek dit weg sodat die res van die groep dit nie kan sien nie.
5. Leerders beeld die emosies op die kaartjie uit sonder om te praat.
6. Die ander leerders moet raai watter emosie uitgebeeld word.
   As 'n voorbeeld, beeld 'n emosie vir die leerders uit.
   Bespreek na elke beurt wanneer en hoekom iemand dalk so kan voel.
7. Antwoorde sal verskil. Leerders gebruik wat hulle in hierdie onderwerp geleer het om elke emosie op 'n veilige manier te wys.

# Verskoning – hoe om te sê jy is jammer

## Aktiwiteit 6

LB bladsy 22

**Leerders werk in groepe.**

| Aktiwiteitriglyne |
| --- |
| Verduidelik die betekenis van "verskoning".<br>Lees die verduideliking van die verskoning-vra-proses op bladsy 21 vir die klas. Gebruik eenvoudige woorde en wys die prente met die vyf stappe.<br>Die stappe is:<br>• Identifiseer die probleem.<br>• Sê jy is jammer. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 32 2025/09/25 10:50

- Doen iets om dinge beter te maak.
- Sê dit sal nie weer gebeur nie.
- Beweeg aan.

Deel die leerders in groepies in. Vra elke groep om aan ʼn tyd te dink toe iemand ʼn fout gemaak het en moes sê hulle is jammer. Hulle praat oor hoe om die vyf stappe te gebruik om die probleem op te los.

Laat elke groep praat oor hoe hulle elke stap sou gebruik om te sê hulle is jammer. Help hulle om die woorde "om verskoning vra" in hulle gesprekke te gebruik.

Dan oefen leerders om om verskoning te vra. Elke groep beeld die verskoning-vra-stappe uit. Een leerder is die persoon wat die fout gemaak het en ʼn ander een is die een wat te na gekom is.

Praat na elke rolspel oor hoe goed hulle die stappe gebruik het en hoe hulle om verskoning gevra het.

Refleksie: Vra leerders om oor ʼn tyd te dink toe hulle ʼn fout gemaak het en moes sê hulle is jammer. Laat hulle teken of skryf oor hoe hulle die verskoning-vra-stappe sou kon gebruik het om die probleem op te los.

Ekstra wenke:

- Wys die prente van die stappe om leerders te help verstaan.
- Moedig leerders aan om tydens hulle rolspel stadig en duidelik te praat.
- Gee positiewe terugvoering om leerders te help om goed te voel omdat hulle geoefen het om om verskoning te vra.

## Voorgestelde antwoorde

1. Antwoorde sal wissel. Voorbeeld: Dink aan ʼn tyd toe jy ʼn maat se speelding gebreek of iets gemeens gesê het.
2. Leerders gebruik die vyf stappe van die verskoning-vra-proses om te sê hulle is jammer.
   Identifiseer die probleem.
   Sê jy is jammer.
   Doen iets om dinge beter te maak.
   Sê dit sal nie weer gebeur nie.
   Beweeg aan.

## Hulpbronne

Leerderboek, pen/potlood, karton of papier om verskoning-vra-stappe neer te skryf (opsioneel vir leerders), merkers of kryte om mee te teken (opsioneel vir leerders)

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **verskoning** – om te sê jy is jammer oor iets wat jy gedoen het wat iemand seergemaak het
- **identifiseer** – om presies te sê wat dit is



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 33 2025/09/25 10:50

## Tyd om te ontdek

LB bladsy 22–24

**Aktiwiteitriglyne**

Sê vir die leerders hulle gaan 'n brief skryf. Hulle het iets verkeerds gedoen en nou gaan hulle om verskoning vra. Wys vir hulle die stappe wat hulle moet volg om die brief te skryf.

Deel die leerders in groepies in. Vra elke groep om aan 'n keer te dink toe hulle iets verkeerds gedoen het en toe om verskoning moes vra.

Elke groep volg die stappe om die brief te skryf. Hulle moet al die belangrike elemente van verskoning vra insluit.

Wanneer hulle klaar is, deel elke groep hulle brief met die klas.

Praat oor hoe elke brief die stappe volg en hoe die leerders hulle gevoelens uitgedruk het.

Vra die leerders hoe hulle sal voel as hulle 'n brief kry soos die een wat hulle geskryf het. Vra hulle om te praat oor hoekom dit belangrik is om om verskoning te vra en hoe dit help om probleme op te los.

**Riglyne vir die brief:**

1. Identifiseer die probleem:
   - Sê wat gebeur het.
   - Wie was by toe dit gebeur het?
   - Wanneer en waar het dit gebeur?
   - Wat was die fout wat jy gemaak het?
2. Sê jy is jammer:
   Vra om verskoning vir wat jy verkeerd gedoen het. Jy kan sê: "Ek is baie jammer oor (sê wat jy gedoen het). Ek het nie bedoel om (jou seer te maak / jou ongelukkig te maak / om jou uit te sluit) nie.
   Neem verantwoordelikheid: "Ek het te gou gepraat. / Ek moes nie net aan myself gedink het nie. / Ek moes jou ingesluit het."
   Wys jy verstaan hoe hulle voel: "Ek verstaan dat jy (hartseer/ongelukkig/kwaad) is omdat (sê hoekom)."
3. Doen iets om dinge beter te maak: Sê wat jy gaan doen of gedoen het om dinge beter te maak. Sê presies hoe jy vir jou fout gaan opmaak.
4. Sê dit sal nie weer gebeur nie: Vra jou maat om jou verskoning te aanvaar. Wys dat jy regtig jammer is.
5. Beweeg aan: Belowe om van nou af beter te doen: "Ek belowe om (sê wat jy van nou af gaan doen). Sê hoe dit van nou af gaan wees: "Ek hoop ons kan weer maats wees. Ek hoop ons kan soos altyd saam speel."



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 34 2025/09/25 10:50

**Voorgestelde antwoorde**

Leerders se briewe sal verskil, maar moet die struktuur in die LB volg. Voorbeeldbrief:

Beste Jaco

Ek het jou karretjie gebreek toe ek met hom gespeel het. Dit het gister by die skool gebeur.

Ek is baie jammer. Ek wou jou nie ongelukkig maak nie. Ek moes nie so woes gespeel het nie. Ek verstaan jy voel kwaad oor jou karretjie stukkend is.

Ek gaan my oom vra om hom reg te maak, of ek gaan vir jou 'n nuwe een koop. Ek sal al my sakgeld spaar.

Ek is baie jammer oor wat gebeur het.

Ek belowe ek sal van nou af mooi na jou goed kyk. Ek hoop ons kan nog maats wees en soos altyd saam speel.

Jou vriend

[Leerder se naam]

**Hulpbronne**

Leerderboek, pen/potlood
DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17
Papier vir die brief
Voorbeeld van handgeskrewe raamwerk (vir formaat van brief, indien beskikbaar)

**Nuwe woorde**

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **wenk** – 'n goeie idee wat iemand jou gee
- **verantwoordelikheid** – iets wat jy moet doen



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 35 2025/09/25 10:50

## Wat het jy geleer?

LB bladsy 25

**Aktiwiteitriglyne**

Verduidelik die aktiwiteit: Sê vir leerders dat hulle ʼn wiel van gevoelens gaan maak om verskillende emosies aan te dui. Hulle gaan ook prente teken om elke gevoel uit te beeld.

Gee hulle die volgende stappe om te volg:

- Maak jou wiel van gevoelens: Teken ʼn groot sirkel op ʼn stuk papier.
- Verdeel die sirkel: Verdeel die sirkel in ses gelyke dele (soos snye van ʼn pizza).
- Kleur elke deel ʼn ander kleur in (rooi, oranje, geel, groen, blou, pers).
- Gee elke deel ʼn byskrif. Skryf ʼn gevoel in elke deel.
  Rooi: Kwaad
  Oranje: Bekommerd
  Geel: Bang
  Groen: Eensaam
  Blou: Ongelukkig
  Pers: Gelukkig
- Teken ʼn prent in elke deel van die wiel om te wys hoe die gevoel lyk.
- Leerders vergelyk en bespreek mekaar se kleurwiele. Sê vir hulle dat hulle hul kleurwiele met klasmaats sal deel om te sien hoe dit dieselfde is of van mekaar verskil.

Bespreek hoe hulle elke gevoel op ʼn positiewe manier kan wys.

**Voorgestelde antwoorde**

1. Leerders maak ʼn wiel van gevoelens.
2. Leerders teken hulle eie prente om elke gevoel te illustreer. Voorbeelde:
   Kwaad (Rooi): Teken ʼn prent van ʼn persoon wat kwaad lyk (bv. met rooi wange, wat hulle voete stamp).
   Bekommerd (Oranje): Teken ʼn persoon wat bekommerd lyk (bv. byt hulle naels of lyk senuagtig).
   Bang (Geel): Teken ʼn persoon wat bang lyk (bv. kruip agter hulle hande weg of lyk verbaas).
   Eensaam (Groen): Teken ʼn persoon wat eensaam lyk (bv. sit alleen met ʼn hartseer gesig).
   Ongelukkig (Blou): Teken ʼn persoon wat ongelukkig lyk (bv. met trane of ʼn frons).
   Gelukkig (Pers): Teken ʼn persoon wat gelukkig lyk (bv. glimlag en met helder oë).
3. Leerders vergelyk dan hulle wiele met dié van hulle klasmaats.

**Hulpbronne**

Leerderboek, pen/potlood

DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 10–17

Papier, kleurpotlode of merkers, liniaal (opsioneel om lyne te trek), voorbeelde van tekeninge van emosies (opsioneel vir inspirasie)



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 36 2025/09/25 10:50

## Speletjies

LB bladsy 15–20

**Collage van gevoelens (Skeppende Kunste: Visuele Geletterdheid; Skep in 2D)**

Leerders gaan 'n collage skep om gevoelens te illustreer. Elke leerder gaan tydskrifte, gekleurde papier, 'n skêr en gom nodig hê.

- Maak materiaal bymekaar: Voorsien tydskrifte, gekleurde papier, 'n skêr en gom.
- Leerders kies verskillende gevoelens soos gelukkig, ongelukkig of hartseer, kwaad en opgewonde.
- Maak die collage: Leerders knip prente uit of gebruik kleure wat elke gevoel voorstel en plak dit op 'n groot stuk papier.
- Bespreek die gevoelens: Leerders deel hulle collages en praat oor hoekom hulle elke prent of kleur gekies het.

Vaardighede wat ontwikkel is: Ruimtelike bewustheid, kreatiwiteit, begrip van produksieprosesse.




**Storiesirkel van gevoelens (Geïntegreerde Skeppende Kunste: Visuele Geletterdheid / Taalvaardighede: Storievertelling)**

Leerders gaan saam 'n storie skep en op verskillende gevoelens fokus.

- Begin 'n storie: Begin 'n storie wat 'n karakter bevat wat sekere gevoelens ervaar (byvoorbeeld, "Eendag het Mienke baie alleen gevoel, want ...).
- Gee die storie aan: Elke leerder voeg iets by die storie by deur te beskryf wat volgende gebeur en hoe die karakter voel.
- Verken verskillende gevoelens: Moedig leerders aan om verskillende gevoelens by te voeg namate die storie ontwikkel.
- Bespreek die storie: Praat oor hoe die karakter se gevoelens verander het en hoekom.

Vaardighede wat ontwikkel is: Emosionele bewustheid, storievertelling, woordeskatuitbreiding



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indd 37 2025/09/25 10:50

# Remediëring

1. Teken en sit byskrifte by: Hoe voel hulle?
   a. Hoe lyk iemand as hulle gelukkig is? Teken ’n glimlaggesiggie met groot, gelukkige oë en ’n breë glimlag.

   b. Hoe lyk iemand as hulle hartseer is? Teken ’n hartseer gesig met trane en ’n frons.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 38 2025/09/25 10:50

c. Hoe lyk iemand as hulle kwaad is? Teken 'n kwaai gesig wat rooi is met 'n frons tussen die wenkbroue.

d. Hoe lyk iemand wat seergemaak is? Teken die gesig van iemand wat so voel.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 39 2025/09/25 10:50

# Uitbreiding

**1. Maak 'n plakkaat oor gevoelens:**
Dink aan 'n gevoel wat jy goed ken. Teken 'n prent van iemand wat so voel en skryf 'n sin oor wanneer jy so sou voel.

a. My gevoel is ______________________________
______________________.

b. Ek voel so wanneer ________________________
_____________________________________________
__________________________

**Kontroleer**

| | |
|---|---|
| My prent wys die gevoel | |
| My sin verduidelik wanneer ek so voel. | |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 40 2025/09/25 10:50

## 2. Hoe om vriendelik te wees

Lees die inligting oor hoe om vriendelik te wees:

As jy vriendelik is, wys dit jy gee om. Jy kan goed wees vir iemand anders deur hulle te troos as hulle hartseer is. Jy kan jou speelgoed met hulle deel. Jy kan ook mooi dinge vir hulle sê. As jy vriendelik is, maak dit ander mense gelukkig. Dit laat hulle voel jy gee vir hulle om.

Skryf vier maniere neer hoe ons vir ander mense goed kan wees.

1. ______________________________
2. ______________________________
3. ______________________________
4. ______________________________



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 41 2025/09/25 10:50

# Memorandums

## Remediëring

1. Leerders teken toepaslike illustrasies.
   Pas die gevoel by die prent
   Gelukkig: Prent behoort iemand uit te beeld wat glimlag en met maats speel.
   Ongelukkig of hartseer: Prent behoort iemand uit te beeld wat huil en frons, met skouers wat hang.
   Kwaad: Prent behoort iemand uit te beeld met 'n rooi gesig, 'n kwaai frons en saamgeperste lippe.
   Seergemaak: Prent behoort iemand uit te beeld wat skreeu of huil van hartseer of pyn.

## Uitbreiding

1. Maak 'n plakkaat oor gevoelens
   a. Gevoel: Enige gepaste gevoel soos gelukkig, hartseer, kwaad, ens.
   b. Wanneer ek so voel: Enige gepaste situasie wat by die gevoel pas soos:
      - Gelukkig: Wanneer ek met my maats speel.
      - Ongelukkig of hartseer: Wanneer ek my speelding verloor.
      - Kwaad: Wanneer iemand my goed vat.
      - Bang: Wanneer ek 'n groot hond sien.

2. Hoe om vriendelik te wees
   Leerders se antwoorde sal verskil. Hulle moet vier maniere noem waarop hulle goed kan wees vir ander. Voorbeelde:
   Glimlag vir iemand om te wys jy gee om.
   Bied aan om 'n maat wat hartseer voel, te help.
   Deel jou speelgoed of lekkers met ander.
   Sê 'n mooi ding vir 'n maat.
   Gee iemand wat hartseer lyk, 'n drukkie.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 42 2025/09/25 10:50

# Onderwerp 3  Gesondheidsvoorligting

| | |
|---|---|
| **Onderrigtyd** | 2,5 uur |
| **Leeruitkomste** | Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:<br>• basiese noodhulp in situasies soos neusbloeding, dierbyte, snye en brandwonde te demonstreer.<br>• kennis van basiese gesondheid en higiëne te hê, insluitende om nie aan ander mense se bloed te raak nie. |
| **Vaardighede** | Vermoë om basiese noodhulp toe te pas |
| **Kennis** | Wat om te doen indien jy beseer word |
| **Waarde** | Versorging van self en ander |
| **Houding** | Selfvertroue |
| **Aanvangskennis** | Perseptuele vaardighede, alledaagse kennis |
| **Kritiesedenke-vrae** | • Het jy al ooit iemand gehelp wat hulleself seergemaak het? Hoe het jy gehelp?<br>• Hoe hou ons ons liggame skoon?<br>• Hoe kan Mila vir Ariana help?<br>• Wat sou jy gedoen het as jy die druiwe op die vloer laat val het? Hoekom? |
| **Integrasie** | Afrikaans Huistaal:<br>• Luister en praat: Voorbereide en onvoorbereide toespraak: Deel idees en ervarings<br>• Lees vir begrip<br>• Klanke<br>• Skryf en handskrif<br>Wiskunde:<br>• Datahantering<br>Kodering en Robotika:<br>• Stap-vir-stap-instruksies (rekenaardenke) |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** | • Aktiwiteite maak voorsiening vir verskillende leervermoëns en skep 'n gevoel van "behoort" deur groepwerk en samewerking.<br>• Diversiteit word hanteer deur toepaslike kunswerk in die LB en deur aktiwiteite wat sensitiwiteit en die deel van kultuur uitdruklik aanmoedig. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 43 2025/09/25 10:50

| | |
|---|---|
| **Onderrigmetodologie** | Die onderrigbenadering verskil na gelang van die aard van die aktiwiteit (sien aktiwiteitriglyne), maar sluit in besprekings, demonstrasie, instruksie, vrae, aanmoediging, informele assessering, konsolidering deur gerigte en onafhanklike aktiwiteit.<br>Aangesien spel, praktiese aktiwiteite en speletjies 'n integrale deel van Grondslagfaseleer is, word voorstelle hiervoor, wat die leeruitkomste komplementeer, aan die einde van die onderwerp ingesluit. |
| **Assessering** | Memoranda en rubrieke of kontrolelyste word voorsien om deurlopende informele assessering deur aktiwiteite en oefeninge te rig. 'n Skriftelike formele assesseringstaak en memorandum word aan die einde van die kwartaal voorsien vir Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand. Rubrieke word voorsien om Skeppende Kunste en Liggaamsoepvoeding te assesseer. |
| **Aanbevole hulpbronne** | Leerderboek, DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 18–21, tydskrifte, skêr, gom, pen/potlode, prente en inligtingsboeke, flitskaarte en plakkate, noodkulpkissie or -boks met al die basiese items, videohulpbronne oor noodhulp en higiëne, indien moontlik. |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 44 2025/09/25 10:50

## Kom ons begin

LB bladsy 27

**Bespreking, verduidelikings en ondersoek van aanvangskennis**

Begin die bespreking: Begin deur te praat oor wat "gesondheidsvoorligting" beteken. Vra die leerders wat hulle weet van gesondheid en hoe om gesond te bly. Gebruik eenvoudige vrae soos die volgende:

- Wat doen jy om jou liggaam skoon te hou?
- Hoe help jy iemand wat seergekry het?

Kyk na die prente: Wys die prente op bladsy 26 vir die leerders. Verduidelik dat die prente belangrike inligting bevat oor hoe om gesond te bly. Gee hulle tyd om na die prente te kyk.

Bespreek die prente: Die prent aan die linkerkant wys hoe om iemand te help wat seergekry het soos om 'n pleister op te plak. Die prent aan die regterkant wys hoe om jou hare te versorg. Dit is deel van basiese higiëne.

Moedig deelname aan: Vra die leerders om met mekaar oor die prente te praat. Luister na hulle idees en help hulle om die verskillende maniere te verstaan waarop hulle hulle gesondheid kan beskerm.

Gebruik die vrae om bespreking aan te moedig:

- Het jy al ooit seergekry? Moedig leerders aan om hulle ervarings te deel. Vra wie hulle versorg het en hoe hulle gevoel het.
- Het jy al ooit iemand gehelp wat seergekry het? Laat leerders praat oor hoe hulle iemand gehelp het wat seergekry het en hoe dit hulle laat voel het.
- Hoe hou ons ons liggame skoon? Bespreek die belangrikheid van higiëne en vra leerders om maniere te deel waarop hulle hulself skoon hou.
- Kan jy 'n paar higiënereëls opnoem? Lei leerders om oor die reëls na te dink wat hulle volg om gesond en skoon te bly, soos om hande te was of tande te borsel.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 45 2025/09/25 10:50

## Aktiwiteit 1

LB bladsy 27

**Leerders werk in groepe.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Wys die prent aan die regterkant op bladsy 26 vir die leerders. Vra hulle om te praat oor wat hulle sien gebeur. ('n Meisie se hare word vir skool gevleg.)<br>Vra vrae soos: "Wat doen jy soggens wanneer jy wakker word?" Dit sal help dat hulle hulle met die prent kan vereenselwig.<br>Wys vir hulle die prent aan die linkerkant en vra die leerders om te praat oor wat gebeur. (Daar word 'n pleister op 'n seun se knie geplak.) Moedig hulle aan om te dink aan tye toe hulle dalk hulp nodig gehad het nadat hulle seergekry het.<br>Verduidelik hoe om stomstreke ("*charades*") te speel. Sê vir hulle dat een leerder 'n aksie sal uitbeeld sonder om te praat en die ander moet raai wat dit is. Maak seker hulle weet dat elkeen minstens twee beurte sal kry om iets voor te stel.<br>Laat leerders aksies verbonde aan higiëne na-aap soos tande borsel, hande was of stort. Hulle kan ook met mimiek wys hoe hulle iemand sou help wat seergekry het, soos om 'n pleister te plak of 'n sny te was.<br>Nadat almal 'n beurt gehad het, sal elke groep 'n groepmimiek voorberei wat die klas moet raai. Beweeg rond in die klaskamer om te bepaal hoe die groepe vorder. Indien die klaskamer te raserig word, kan jy die aktiwiteit buite laat doen.<br>Herinner die leerders daaraan om respekvol te wees en om almal 'n beurt te gee sonder om hulle te onderbreek. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Leerders speel stomstreke. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 18–21<br>Oop ruimte om die voorstellings uit te voer |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 46 2025/09/25 10:50

**Nuwe woorde**

Terwyl jy elke woord bekendstel, vra leerders om oor voorbeelde uit hulle eie lewens te dink. Byvoorbeeld: "Wat doen jy vir goeie higiëne?" of "Hoe beskerm jy jouself as dit koud is buite?"

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **higiëne** – hoe ons vir ons liggame sorg en hulle skoon hou
- **beskerming** – om te keer dat jy nie seerkry of siek word nie
- **gesondheidsvoorligting** – om te leer hoe jy na jou gesondheid moet kyk. Dan sal ons nie siek word of seerkry nie.

## Basiese noodhulp in situasies soos neusbloeding, dierbyte, snye en brandwonde

### Aktiwiteit 2

LB bladsy 28

**Leerders werk op hulle eie.**

#### Aktiwiteitriglyne

Wys vir die leerders die prente van die noodhulpkissie op die bladsy. Vra hulle om te beskryf wat hulle sien.

Lees die notas oor noodhulp en noem die items in die kissie. Leerders kan saam met jou lees of volg terwyl jy hardop lees. Maak seker hulle verstaan waarvoor elke item gebruik word. Byvoorbeeld: "'n Pleister word gebruik om 'n klein snytjie toe te plak om te keer dat dit vuil word."

Verduidelik vir leerders dat hulle byskrifte vir items in 'n noodhulpkissie gaan skryf. Hulle moet eers na die prente van die items kyk en dan die regte byskrifte in die blokkie vind.

Leerders skryf die nommer van elke item en sy regte byskrif in hulle werkboeke neer. Moedig hulle aan om netjies te skryf en hulle werk deeglik na te gaan.

Beweeg rond in die klaskamer om leerders te help indien hulle onseker is oor die byskrifte. Moedig hulle aan om te dink oor wanneer hulle dalk elke item in die noodhulpkissie sal gebruik en hoekom dit belangrik is om te weet wat om te gebruik.

#### Voorgestelde antwoorde

1. haartangetjie
2. pleisters
3. skêr
4. verband
5. handskoene
6. gaas



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 47 2025/09/25 10:50

| Hulpbronne |
| --- |
| Leerderboek, pen/potlood |
| DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 18–21 |
| Indien moontlik, ʼn noodhulpkissie met items soos pleisters, verbande en ontsmettingsmiddels |

Nuwe woorde

Gee praktiese voorbeelde van elke woord terwyl dit bespreek word.

- **hulp** – om iemand te help
- **noodhulp** – die eerste ding wat jy moet doen om iemand te help as hulle seergekry het, voor ʼn dokter of ʼn verpleegster kom

## Tyd om te ontdek

LB bladsy 29

### Aktiwiteitriglyne

Vra die leerders om oor die noodhulp-items te praat wat hulle by die huis het. Lei hulle deur vrae te vra soos: “Het julle pleisters by die huis? Waarvoor gebruik julle dit?”

Beklemtoon die belangrikheid daarvan om medisyne buite bereik van klein kindertjies te hou om almal veilig te hou. Sê: “Ons gaan nou ons eie noodhulpkissies maak – op papier!”

Vra leerders om hulle werkboeke oop te maak en ʼn boks of sak te teken wat die kissie gaan wees. Sê vir hulle om minstens vyf dinge te teken wat hulle dink in ʼn noodhulpkissie behoort te wees. Dit behoort dinge te wees wat kan help as iemand seerkry.

Verduidelik dat hierdie noodhulpkissie of -boks op ʼn spesiale plek in hulle huis kan wees waar hulle belangrike items bêre. Dit moet op dieselfde plek gehou word waar jonger kinders nie daarby kan uitkom nie.

Wanneer hulle klaar geteken het, vra leerders om met ʼn maat te praat oor wat hulle in hulle noodhulpkissie of -boks gesit het en hoekom. Moedig hulle aan om te luister wanneer hulle die items in hulle kissie aan mekaar verduidelik.

Praat met die klas oor waar hulle dink ʼn goeie plek is om ʼn noodhulpkissie by die huis te hou. Herinner hulle daaraan dat dit iewers veilig moet wees en waar jonger kinders nie daarby kan uitkom nie.

### Voorgestelde antwoorde

1. Leerders teken ʼn prent van ʼn noodhulpkissie.
2. Leerders vertel vir hulle maat wat in die noodhulpkissie is en waarvoor elke item gebruik word.



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 48 2025/09/25 10:50

3. Leerders luister terwyl hulle maat vir hulle vertel wat in hulle noodhulpkissie is en waarvoor die items gebruik word.

**Hulpbronne**

Leerderboek, pen/potlood

DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 18–21

Prente van noodhulpkissies; werklike voorbeelde van items in 'n noodhulpkissie of prente daarvan soos verbande, antiseptiese room en 'n skêr

Veiligheidsplakkate: Vertoon plakkate oor noodhulp en veiligheid in die klaskamer

Videogreep: Indien moontlik, wys 'n kort video oor noodhulpkissies en hoe om dit te gebruik.

## Neusbloeding en dierbyte

### Aktiwiteit 3

LB bladsy 30

**Leerders werk op hulle eie.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Lees die inligting op bladsy 30 hardop vir die klas en laat hulle na die prente kyk.<br>Vra 'n vrywilliger om te help demonstreer hoe om neusbloeding te stop. Demonstreer fisies die korrekte posisie en verduidelik hoekom dit belangrik is. Laat die leerders die posisie naboots.<br>Laat leerders die stappe om neusbloeding te stop, neerskryf.<br>Herinner leerders om aan al die items in noodhulpkissies waarvan hulle geleer het, te dink en laat hulle dan vraag 2 voltooi. Gebruik hulle antwoorde om te kontroleer vir inligtingretensie oor noodhulpkissies. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Bly kalm en sit regop met jou kop 'n bietjie vorentoe. Druk die sagte deel van jou neus vir 10 minute toe of totdat dit ophou bloei. Haal deur jou mond asem.<br>2. antispetiese sproei, gaas, verbande, pleisters |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 18–21 |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indb 49 2025/09/25 10:50

## Snye en brandwonde

### Aktiwiteit 4

LB bladsy 31

**Leerders werk op hulle eie.**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Vra leerders om ervarings te deel toe hulle 'n sny of brandwond opgedoen het. Bespreek algemene oorsake van snye en brandwonde soos om te val, aan iets warms te raak of om skerp voorwerpe te gebruik.<br>Beeld die regte volgorde uit van hoe om 'n snywond te behandel en beklemtoon die gebruik van handskoene wanneer 'n mense iemand anders behandel, sodat jy nie aan hulle bloed raak nie.<br>Sê vir die leerders dat 'n brandwond is wanneer die vel deur iets baie warms beskadig word. Gee voorbeelde soos om aan 'n stoof te vat, warm water te mors of om te naby 'n vlam te kom. Verduidelik dat brandwonde blase kan vorm wat borrels op die vel is wat baie seer kan wees.<br>Lees die inligting en bespreek wat hulle moet doen as iemand wat hulle ken 'n brandwond opdoen. Bespreek ook wat hulle nie moet doen nie.<br>Laat leerders die stappe in die regte volgorde in hulle werkboeke kopieer en nommer. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Sê vir ‹n grootmens wat gebeur het.<br>2. Was jou hande.<br>3. Gebruik handskoene as jy iemand anders help.<br>4. Druk 'n skoon lappie op die sny om die bloeding te stop.<br>5. Maak die sny onder koel water skoon.<br>6. Droog die plek liggies met 'n skoon handdoek af.<br>7. Spuit met antiseptiese sproei.<br>8. Sit 'n pleister of 'n verband op. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek, pen/potlood<br>DBO-werkboek (Kwartaal 1) bladsy 18–21<br>Prente/Flitskaarte: Wys prente van snye, brandwonde en noodhulpitems om visuele leer te ondersteun |



9781779834690_plt_lif_g03_tg_afr_za.indd 50 2025/09/25 10:50